

DIE SUID-AFRIKAANSE BOER EN DIE  
EUROPESE EKONOMIESE GEMEENSKAPSMARK

Deur

Frederik Henderik Swanepoel

B.Sc. Agric., B. Honores  
Institutionis Agrariae;  
H.B.A.

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike voldoening  
aan die vereistes vir die graad M.B.A. aan die  
Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. onder  
leiding van prof. D.P. Erasmus.

Potchefstroom  
1974

## DANKBETUIGING

Die skrywer wens sy dank en waardering te betuig aan professor D.P. Erasmus, studieleier, vir waardevolle hulp en leiding gedurende hierdie ondersoek, sowel as met die voorbereiding en afwerking van die skripsie.

Ek wens ook die volgende persone te bedank:

Mnr. J. den Hartog vir die hulp en advies met die opstel en verwerking van data.

Mnre. Louw & Muller vir die netjiese en akkurate tikwerk deur die firma se tikster verrig.

Aan my vrou my innige dank vir haar aanmoediging, geduld en baie opofferings.

Dank aan die GOEIE GEWER vir seënings.

## INHOUDSOPGAWE

	Bl.
<u>INLEIDING</u>	1
1 <u>DIE EUROPESE EKONOMIESE GEMEENSAP SE LANDBOUBELEID</u>	3
1.1 Inleiding	3
1.2 Doelstelling van die beleid	3
1.3 Die beginsels waarop die regulasies berus	4
1.4 Die struktuur van die landboubeleid	5
1.5 Samevatting	7
2 <u>DIE ROL VAN LANDBOU IN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN S.A.</u>	8
2.1 Inleiding	8
2.2 Wyses waarop landbou bydra tot ekonomiese ontwikkeling	9
2.3 Bydrae van landbou tot die bruto binne-landse produk	14
2.4 Bydrae tot die sekondêre nywerhede	15
2.5 Bydrae tot die groot- en kleinhandel	15
2.6 Samevatting	16
3 <u>SUID-AFRIKA SE UITVOERE VAN LANDBOUPRODUKTE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK EN DIE E.E.G.-LANDE</u>	17
3.1 Inleiding	17
3.2 Die vernaamste landbouprodukte wat in 1960, 1969 en 1971 uitgevoer is	18
3.3 Uitvoere volgens lande van bestemming gedurende 1960, 1969 en 1971	19
3.4 Samevatting	33
4 <u>DIE INVLOED VAN BRITTANJE SE TOETREDE TOT DIE EUROPESE EKONOMIESE GEMEENSAP OP DIE SUID-AFRIKAANSE LANDBOU</u>	35
4.1 Inleiding	35
4.2 Suid-Afrikaanse Statebondsvoorkeure	36
4.3 Die belangrikste gevolge van die E.E.G.-tariewe	36

4.4	Die bedrywe wat hoofsaaklik van uitvoere afhanklik is	37
4.4.1	Sitrusbedryf	38
4.4.2	Sagtevrugtebedryf	38
4.4.3	Wol	39
4.4.4	Karakoelpelse	40
4.4.5	Sybokhaar	40
4.4.6	Inmaakbedryf	41
4.5	Bedrywe wat slegs hulle surplus-produksie uitvoer	42
4.5.1	Eiers	43
4.5.2	Vleis	43
4.5.3	Wyn	44
4.5.4	Mielies en kafferkring	44
4.5.5	Tabak	45
4.6	Ander beperkende invloede op landboubedrywe	45
5	<u>SLOTSOM</u>	46
5.1	Inleiding	46
5.2	Sagtevrugtebedryf	47
5.3	Inmaakbedryf	47
5.4	Sitrusbedryf	48

TABELLE

1	Persentasieverdeling van die bruto binnelandse produk volgens bedryfstak	51
2	Landbou se bydrae tot die binnelandse produk	52
3	Uitvoere - I.S.N.K. basis 1962-1969	53
4	Belangrikste afsetmarkte gedurende 1969	54
5	Die relatiewe belangrikheid van die vernaamste landbouprodukte wat in 1960, 1969 en 1971 uitgevoer is	55
6	Uitvoere van vleis na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	56
7	Uitvoere van eiers na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	57
8	Uitvoere van mielies na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	58
9	Uitvoere van sorghum na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	59

10	Uitvoere van sitrus na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	60
11	Uitvoere van sagtevrugte na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	61
12	Uitvoere van droë vrugte na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	62
13	Uitvoere van ingemaakte vrugte na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	63
14	Uitvoere van vrugtesap na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	64
15	Uitvoere van groente na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	65
16	Uitvoere van suiker na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	66
17	Uitvoere van wyn na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	67
18	Uitvoere van tabak na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	68
19	Uitvoere van huide en velle na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	69
20	Uitvoere van karakoelpelse en Persiese Lammer-velle na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	70
21	Uitvoere van grondbone na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	71
22	Uitvoere van wol na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	72
23	Uitvoere van bokhaar na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	73
24	Uitvoere van volstruisvere na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	74
25	Uitvoere van katoen na die V.K., die E.E.G.-lande en die res van die wêreld - 1960/69/71	75
26	Waarde in Rand van S.A. landbouprodukte uitgevoer volgens land van bestemming - 1960	76
27	Waarde in Rand van S.A. landbouprodukte uitgevoer volgens land van bestemming - 1969	77
28	Waarde in Rand van S.A. landbouprodukte uitgevoer volgens land van bestemming - 1971	78
29	Die voorkeur op die Britse mark gedurende 1971 en die ooreenstemmende E.E.G.-tariewe vir sommige Suid-Afrikaanse landbouprodukte	79
30	Bruto-waarde, totale uitvoere, uitvoere na die Verenigde Koninkryk en die persentuele samestelling van uitvoere van sekere landboubedrywe vir die jaar 1970/71	80

		Bl.
31	Die beraamde uitwerking van invoerregte op die verkoop van sagtevrugte in die Verenigde Koninkryk, tesame met die verkope in alle markte	81
32	Pryse van ingemaakte vrugte onder voorkeurtariewe en E.E.G.-voorwaardes	82
33	Brutowaarde, totale uitvoere, uitvoere na die V.K. en die persentuele samestelling van uitvoere van sekere landboubedrywe vir die jaar 1970/71	83
	<u>SYNOPSIS</u>	84
	<u>BIBLIOGRAFIE</u>	86

## INLEIDING

Deur al die ontdekkings en skouspelagtige tegnologiese ontwikkeling heen, bly daar een behoefte waaraan elke mens elke dag voorsien moet word - en dit is voedsel. Hierdie voedsel moet nog voortgebring word deur boere met behulp van plante en diere wat deur hulle versorg en vir produksie ingespan moet word.<sup>1)</sup>

„Landbou is die tak van volksbestaan, die tot taak heeft, de grond daar de voortbrenging van plantaardige en dierlijke producten op zodanige wyse te gebruiken, dat daardoor niet alleen de welvaart van de landbouwer en van de landelijke bevolking, maar ook die van de hele volk zoveel mogelijk word bevordert. Hy heeft dus zowel een volkshuishoudelijk als een privaathuishoudelijke betekenis.“<sup>2)</sup>

Sonder die boer en sonder sy produk kan die mens nie voortbestaan nie. Die hele volkshuishouding is nou gekoppel aan die Suid-Afrikaanse boer. Die landbouer lewer 'n bydrae tot die verdienste van buitelandse valuta en dien as 'n industrie vir werkverskaffing. Landbou se grootste bydrae lê egter in die voedselvoorsiening van Suid-Afrika.

Nie alleen is die Suid-Afrikaanse boer in staat om die bevolking van die ganse Suid-Afrika ver bō internasionale standarde te voed nie, maar produseer die boer nog soveel voedsel dat Suid-Afrika voedsel aan ander wêrelddele kan voorsien.

1) Du Plessis, S.J., Filosofie van Landbou. Voordrag: Medaljehouers: S.A. Kunsmisvereniging. 17 Oktober 1973. p. 8.

2) Timmer, W.J., Totale Landbouwetenschäp. J.B. Walters, Groningen, Djakarta. 1949. p. 47.

Die Suid-Afrikaanse boer het dan tot nou toe voldoen aan die behoeftes wat aan hom gestel is. Deur die jare heen, sedert die volksplanting op 6 April 1652, het die boer ook sonder uitsondering jaar na jaar van sy produkte, eers aan die verbyvarende skepe en later aan ander wêrelddele voorsien. Hierdeur is nie net buitelandse betaalmiddele vir Suid-Afrika verdien nie, maar het uitvoere van landbouprodukte aan die boer 'n inkomste gebied. In 1971 het die uitvoere van die belangrikste landbouprodukte R383 157 131 vir die Suid-Afrikaanse boer verdien, waarvan R121 552 612, wat 31,72 persent van die uitvoere van landbouprodukte verteenwoordig, na die Verenigde Koninkryk was.

Met die Britse toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskapsmark op 1 Januarie 1973, het die Suid-Afrikaanse boer die invoervoorkeure wat hy deur die jare geniet het, verloor en daardeur ook die beskerming teen mededinging van ander lande. Verder het Brittanje se toetrede tot die E.E.G. meegebring dat die Suid-Afrikaanse boer sekere invoertariewe en heffings moet betaal. Hierdie invoertariewe en heffings wat wissel van 3 persent tot 30 persent, gaan beslis finansiële verliese vir die boer meebring.

Met die studie word derhalwe gepoog om eerstens die belangrikheid van die landbousektor in die volkshuishouding te bepaal, tweedens, die uitvoere van die belangrikste landbouprodukte volgens land van bestemming, asook waarde daarvan vas te stel en in die derde plek, die invloed van Britse toetrede tot die E.E.G. op die landbousektor, vas te stel.

Die studie is gebaseer op 'n statistiese analise van die uitvoere van die landbouprodukte. Die bronne wat hoofsaaklik geraadpleeg was om waardes van uitvoere vas te stel, was Buitelandse Handelstatistieke, die Kortbegrip van Landboustatistiek en die Suid-Afrikaanse statistieke. Waar nodig, is die syfers uit genoemde bronne verwerk vir verdere uitbeelding van gegewens.

DIE EUROPESE EKONOMIESE GEMEENSAP SE LANDBOUBELEID

1.1. Inleiding

Die Europese Ekonomiese Gemeenskap het tot stand gekom met die Verdrag van Rome in 1957 tussen ses lande, naamlik Italië, Frankryk, Duitsland, Luxemburg, België en Nederland. Op 14 Februarie 1962 het die ses lande tot 'n ooreenkoms gekom oor 'n gemeenskaplike landboubeleid.<sup>1)</sup> Hierdie besluit was beskou as een van die belangrikste mylpale in die ontwikkeling van die gemeenskapsmark. Die E.E.G.-landboubeleid waarop besluit is, skep die moontlikheid dat 'n gematigde prysbeleid gevolg kan word of daarenteen, die gemeenskapsmark te stabiliseer. Mansholt het verklaar dat „It will be one of the most important tasks in European agricultural policy to manage prices so that the production of unsaleable surpluses is prevented .....“<sup>2)</sup>

1.2. Doelstellings van die beleid

Die doelstellings van die gemeenskaplike landboubeleid word in Artikel 39 van die Rome-verdrag uiteengesit. Hierdie doelstellings kan kortliks soos volg saamgevat word:

(i)(a) die verhoging in produktiwiteit in die landbou deur middel van tegniese ontwikkeling, asook deur te verseker dat landbouproduksie rasioneel ontwikkel en dat optimum benutting van die produksiefaktore, veral arbeid, verwesenlik word,

<sup>1)</sup> Smit, S.J.P., Die landboubeleid van die Europese Ekonomiese Gemeenskap. Agrekon, Deel 1, 1962, p. 17.

<sup>2)</sup> IBID. p. 17.

(b) om te verseker dat 'n redelike lewenstandaard deur die landboubevolking gehandhaaf word, deur die verhoging van die inkomste van individuele persone wat in die landbou werksaam is,

(c) die stabilisasie van pryse en

(d) om die verbruiker van redelike pryse te verseker.

(ii) By die bepaling van die landboubeleid en die spesiale reëlings wat dit mag meebring, moet die volgende in ag geneem word:

(a) die besondere eienskappe van landboubedrywighede wat verband hou met die sosiale struktuur in die landbou, asook van die strukturele en natuurlike verskille wat tussen die onderskeie produserende gebiede bestaan;

(b) die wenslikheid om aanpassings geleidelik te laat geskied en

(c) die feit dat die landbou in die lidstate 'n sektor van die ekonomie is wat noue verband het met die ekonomie in sy geheel.

### 1.3. Die beginsels waarop die regulasies berus

Om die doelstellings te verwesenlik wat hierbo uiteengesit is, het die E.E.G.-lande besluit om verskillende gemeenskaplike regulasies ten opsigte van individuele produkte toe te pas. Die breë beginsels waarop die verskillende regulasies berus, kan soos volg saamgevat word:

(a) om aanbod en aanvraag in balans te bring binne die „Gemeenskap“, met inagneming van uitvoerhandel; deur aanbod te beïnvloed - deur 'n groter mate van streekspesialisasie - en deur aanvraag te beïnvloed deur bv. verbetering van gehalte, ens.;

(b) om produsente van 'n redelike inkomste te verseker deur middel van strukturele en streeksverbeterings, die konsolidasie van plase, elektrisiteitsvoorsiening, beter metodes van vervoer en boerdery, landbou-inligtingsdienste en beroepsopleiding;

(c) om landboumarkte te stabiliseer deur die voorkoming van spekulatiewe prysfluktuasies, maar om aan die anderkant nog langtermynveranderinge in aanbod en aanvraag te laat geld en

(d) deur redelike voorrade aan verbruikers te verseker deur die verwerkingsbedrywe en die handel in staat te stel om uitvoergeleenthede teen redelike pryse te benut, en deur te voorkom dat pryse op basis van dié van grensprodukte tot stand kom.

Hierdie beginsels is dan vervat in 'n reeks regulasies waarvolgens die bemarking van landbouprodukte gereël sou word, en wat die bestaande bemarkingstelsels sou vervang. Gedurende die oorgangstydperk sou die handelsbeperrings tussen die lede geleidelik afgetakel word, sodat hulle op die laaste teen 1970 geheel en al verdwyn het. Daar is reeds besluit op regulasies ten opsigte van graan, varkvleis, eiers, hoendervleis, groente, vrugte en wyn, asook regulasies wat betrekking het op die finansiering van die beleid. Hierdie handelsbeperrings het voor 1970 geheel en al verdwyn.

#### 1.4. Die struktuur van die landboubeleid

Die struktuur van die landboubeleid van die E.E.G. word die beste geïllustreer deur die graanbeleid, nl.:

(a) daar is die rigpryse („target price“) wat die basiese prys vir grane vorm en wat jaarliks vasgestel word. Die rigpryse word bepaal in die gebied waar die grootste tekort binne lidstate voorkom,

(b) intervensieprys („intervention price“). Dit is die prys waarteen die Gemeenskap van die produsente sal koop. Dit is dus die gewaarborgde minimum verkoopprys wat tussen vyf en tien persent laer is as die rigprys;

(c) drempelprys („threshold price“). Hierdie prys word gebruik om die heffing op ingevoerde grane vas te stel. Die drempelprys word vasgestel op so 'n peil dat dit nie die verwesenliking van die rigprys in gevaar stel nie en

(d) die veranderlike invoerheffing. Dit is die tarief wat gehef word op graaninvoere vanuit lande buite die E.E.G. Hierdie heffing word daagliks bepaal en is gelyk aan die verskil tussen die wêreldprys vir graaninvoere en die E.E.G.-drempelprys met inagneming van kwaliteit.

'n Hipotetiese illustrasie<sup>3)</sup> om die prysstruktuur van die graanbeleid uiteen te sit is as volg:

	<u>per skepel</u>	
(i) Rigprys		<u>R2.80</u>
(ii) Intervensieprys		<u>R2.60</u>
(iii) Drempelprys		
Rigprys	R2.80	
minus vervoer en bemarkingskoste	<u>R .10</u>	<u>R2.70</u>
(iv) Veranderlike invoerheffing		
Drempelprys	R2.70	
minus aangepaste wêreldprys	<u>R1.50</u>	<u>R1.20</u>

Twee aspekte van belang is eerstens dat daar geen produksiekontrolle is nie. Die Gemeenskap moet enige hoeveelheid koop van die kommoditeit wat te kope aangebied word. Tweedens, invoere word alleenlik toegelaat wanneer E.E.G.-produsente nie kan voorsien in die Gemeenskap se behoeftes nie.

3) Root, Franklin R. International Trade and Investment, p. 382.

### 1.5. Samevatting

Uit die voorafgaande blyk dat die landboubeleid van die E.E.G. daarop ingestel is om die lidlande se landbou te beskerm deur middel van invoerheffings, die landboubedryf te bevorder, die produsente van 'n redelike inkomste te verseker en om die verbruiker se landbouprodukte van redelike pryse te verseker.

In die volgende hoofstuk sal 'n ontleding gemaak word van die belangrikste aspekte van die landbou in die ontwikkeling van Suid-Afrika.

DIE ROL VAN LANDBOU IN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN S.A.

2.1. Inleiding

Daar is diegene wat van mening is dat die landbou die swak skakel is in die ekonomiese vooruitgang van 'n land, terwyl andere weer 'n besondere aandeel daaraan toeken. In ontwikkelde lande is dit 'n aktuele probleem om volgehoue gebalanseerde ekonomiese groei te handhaaf. Ontwikkelende lande ondervind weer probleme om aan die basiese beginsels vir ekonomiese ontwikkeling te voldoen wat 'n voorvereiste is om die stadium van 'n „take-off" te bereik. In hierdie lande vereis landbou besondere aandag, aangesien dit die basis vorm van alle ekonomiese aktiwiteite. In die Republiek, wat nog nie as 'n volle ontwikkelde land beskou kan word nie, is 'n soort van 'n tussenstadium bereik. Enersyds word nog swaar op die landbou gerus om ekonomiese aktiwiteite te stimuleer en andersyds is so 'n stadium van ontwikkeling reeds bereik dat ander sektore die landbou behulpsaam kan wees ten einde 'n gebalanseerde groei vir die ekonomie as geheel te handhaaf.

In die algemeen is die landbou, hoofsaaklik weens sy sosiale struktuur, traag om tot ekonomiese ontwaking te kom of om tred te hou met ekonomiese ontwikkeling. Die landbou moet dus oor die algemeen eers deur middel van maatskaplike en ekonomiese maatreëls hervorm word of dit moet sterk beïnvloed word deur 'n ekonomiese gebeurtenis van buite om op hierdie wyse 'n ekonomiese toestand te skep wat aan die basiese voorvereistes voldoen vir ekonomiese groei en ontwikkeling. 'n Ontwikkelde land wat oor weinig minerale rykdom beskik se mees beproefde weg tot ekonomiese vooruitgang, is om die landbou ekonomies vatbaar te maak en dan nywerhede te vestig vir die verwerking van landbouprodukte.

Suid-Afrika was in sy ekonomiese ontwikkelingsproses in die voordelige posisie dat sekere landboubedrywe met die oog op uitvoer, opgebou is en dat die mynbousektor alreeds op 'n baie vroeë stadium 'n belangrike ekonomiese faktor geword het. Die uitbreiding van die laasgenoemde sektor het in die besonder gedien as aansporing vir landbou-ontwikkeling sodat hierdie twee sektore die basis gevorm het van nagenoeg alle ekonomiese aktiwiteite totdat die nywerheidsektor vanaf die begin van die dertigerjare in belangrikheid begin toeneem het.

## 2.2. Wyses waarop landbou bydra tot ekonomiese ontwikkeling

Ekonomie is dit oor die algemeen eens dat geen volgehoue ekonomiese groei moontlik is nie, tensy die landbou aan sekere basiese vereistes voldoen nie. Vervolgens sal daar net kortliks verwys word na die meer direkte en uitstaande maniere waarop die landbou 'n bydrae kan lewer tot die ekonomiese ontwikkeling van 'n land, met spesiale verwysing na die Republiek.

### (a) Voedselvoorsiening

Die basiese funksie van die landbou is om die bevolking van die nodige voedsel te voorsien om op hierdie wyse by te dra tot die daarstelling van 'n gesonde gemeenskap wat 'n voorvereiste is vir die doeltreffende uitvoering van arbeidsfunksies.

In hierdie verband is van besondere belang die doeltreffende aanwending van die produksiefaktore in die landbou om op hierdie wyse die aanbod van voedsel teen redelike pryse te laat tred hou met die uitbreiding van die vraag daarna, wat weer op sy beurt gepaard gaan met ekonomiese ontwikkeling in die algemeen. Dit is byvoorbeeld bekend dat, namate arbeid gedurende die ontwikkelingsproses van 'n land, weens oorbesetting wegvloei uit die landbou na meer produktiewe nie-landbou-aktiwiteite in stedelike gebiede, dit normaalweg lei tot

'n verhoging in die inkome per kapita, sowel in die landbou as in die stedelike gebiede. Die aldus stygende per kapita inkome, gepaard met die relatief hoë inkome-elastisiteit van die vraag na voedsel, wat tiperend is van gemeenskappe wat nog naby 'n minimumbestaansinkome is, asook die vinnige bevolkingsgroei wat algemeen in ontwikkelende lande plaasvind, het 'n besondere vinnige toename in die vraag na voedsel ten gevolg. Dit is die taak van die landbou om in hierdie snel toenemende vraag na voedsel te voorsien, veral deur middel van verhoogde produktiwiteit. Voldoen die landbou-ontwikkeling nie aan hierdie vereiste nie, dan kan verskillende gevolge voortvloei wat nadelig op die uitbreiding van ander sektore kan inwerk. So kan die kostestruktuur byvoorbeeld aanmerklik verhoog word deur 'n styging van voedselpryse, wat 'n regstreekse uitwerking sal hê op die algemene ekonomiese ontwikkeling.

Prys- en volumereekse ten opsigte van die landbou toon in watter mate die Suid-Afrikaanse landbou aan welke vereistes voldoen het. Dit blyk in die algemeen dat die styging in die fisiese aanbod van voedsel, veral akkerbougewasse, in Suid-Afrika tot 'n groot mate toegeskryf kan word aan 'n verhoging in die produktiwiteit van landbou.

Dit kan gestel word dat die toenemende vraag na voedsel in Suid-Afrika in die afgelope paar dekades bevredig is sonder om toevlug te neem tot buitensporige voedselprysstygings of verhoogde voedselinvoere, maar wel deur 'n verhoging van produktiwiteit asook horisontale uitbreiding in die landbou. Hierdie ontwikkeling moet as 'n belangrike bydrae van die landbou gereken word, waarsonder die ekonomiese groei in Suid-Afrika veel minder indrukwekkend sou gewees het.

Indien die fisiese volume van landbouproduksie oor die afgelope dekades vergelyk word met die bevolkingsgroei, is dit duidelik dat die aanbod meer as genoeg vergoed het vir die toename in die bevolking. Indien normale toestande voortduur en die mate van uitvoer in gedagte gehou word,

bestaan daar geen rede waarom die landbou nie in die land se toekomstige voedselbehoefte sal kan voorsien nie.

(b) Verdiener van buitelandse valuta

Die uitvoer van landbouprodukte is vir heelwat ontwikkelde lande die belangrikste wyse waarop buitelandse valuta verdien kan word. Hierdeur maak die Suid-Afrikaanse landbou 'n belangrike bydrae tot ekonomiese ontwikkeling deurdat dit moontlike betalingsbalansprobleme verlig en dienooreenkomstig die invoer van kapitaal- en intermediêre goedere vergemaklik. Die beskikbaarheid van laasgenoemde goedere is 'n voorvereiste vir ekonomiese ontwikkeling en gewoonlik is 'n ontwikkelde land hoofsaaklik op die buiteland aangewese vir die verkryging daarvan.

In Suid-Afrika het die uitvoer van landbouprodukte vanaf die vroegste jare 'n besondere rol gespeel in die ontwikkelingsproses van die land. Die uitvoer van landbouprodukte in verwerkte en onverwerkte vorm het, in vergelyking met die totale uitvoer, vanaf 1962 verloop soos uiteengesit in tabel 3. Dit is hieruit duidelik dat landbou-uitvoer 'n belangrike deel uitmaak van totale uitvoer. In 1960 het landbou-uitvoere 30,49 persent van die totale uitvoere verteenwoordig, terwyl dit in 1969, 16,27 persent verteenwoordig het.

Wat die toekomsmoontlikhede van landbou-uitvoer betref, word verwag dat Suid-Afrika, nieteenstaande tydelike probleme, op die lang duur sy posisie sal handhaaf of moontlik selfs sal verbeter. Die moontlikhede om landbouprodukte op groter skaal te verwerk en dan die verwerkte produk na hoë-inkomemarkte uit te voer, hou beslis moontlikhede in. Daar sal egter, soos dan ook tans gedoen word, ernstig aandag gegee moet word aan 'n diversifikasie van die tradisionele uitvoerpatroon van landbouprodukte.

Die Suid-Afrikaanse landbou is baie nou ineengeskakel met die res van die volkshuishouding. Die omvang van hierdie

ineenskakeling is duidelik indien daar maar na enkele voorbeelde gekyk word soos die landbouprosesseringsbedrywe, oliepersnywerheid, die kunsmisnywerheid, trekkerindustrie, ens. Verder vorm die dienste-instellings wat op een of ander wyse met landbou verband hou, 'n belangrike onderdeel van ekonomiese aktiwiteite.

In die toekomstige ontwikkelingsproses van Suid-Afrika word daar voorsien dat sekere minerale neerslae, wat tot dusver 'n uiters belangrike bydrae gelewer het in die ekonomiese ontwikkeling, sal verdwyn. Indien ekonomiese groei gehandhaaf wil word, sal hul plek gevul moet word deur industriële uitbreiding met die oog op die plaaslike- en die uitvoermark. Die vestiging van sodanige industrieë sal ook in 'n mate aangewese wees op die landbou. In hierdie verband is dit belangrik om te wys op die toenemende substitusie van sekere landbouprodukte deur sintetiese produkte. In 'n ondersoek wat in die verband in die V.S.A. onderneem is, is tot die volgende gevolgtrekking gekom: "While new industrial uses for farm products are being developed, there has been an even more rapid expansion of synthetics which displace farm products. Though the products of the future cannot be accurately predicted, recent evidence certainly suggests that the displacement of farm products is far more likely than the replacement of farm products as the raw material for important industrial processes."<sup>1)</sup> Die neiging om spesifieke landbouprodukte in die nywerheidsprosesse te vervang deur sintetiese produkte, kan ook in Suid-Afrika verwesenlik word. Daar is natuurlik sommige vervaardigingsprosesse soos dië ten opsigte van voedsel, drank en tabak waar insette uit die aard van die saak moeilik vervangbaar is. Dit is ook so dat die inkome-elastisiteitskoëffisiënte van die vraag na hierdie produkte, relatief laer is as dië waarvan die vervangingskoers hoog is.

<sup>1)</sup> Fox, K.A., Rutton, V.W. en Witt, L.W. Commercial Agriculture. Perspectives and Prospects. Farming, Farms and Markets for farm goods, p. 40.

### (c) Kapitaalvorming

Landbou maak ook 'n belangrike bydrae tot ekonomiese ontwikkeling deur die beskikbaarstelling van kapitaal aan ander sektore. Veral in die vroeë stadium van 'n land se ontwikkeling kan landbou se aandeel tot kapitaalvorming belangrik wees. Daar word dan ook heelwat voorbeelde aangehaal om bogenoemde te bewys soos byvoorbeeld die klassieke voorbeeld van Japan waar landbou 'n belangrike bydrae tot totale kapitaalvorming gelewer het deur die heffing van 'n hoë grondbelasting deur die owerheid.

In Suid-Afrika was dit prakties vir die landbouer om feitlik uitsluitlik in die landbou her te belê. Gedurende die afgelope aantal jare egter is daar aanduidings dat fondse op toenemende skaal uit die landbou na ander sektore vloei.

### (d) Vrystelling van arbeid

'n Normale verskynsel ten tye van ekonomiese ontwikkeling is dat die landbou arbeid aan ander sektore vrystel. Dit is natuurlik 'n algemene verskynsel dat, namate 'n land ontwikkel, die getalle in die landbou geleidelik afneem, soos onder andere deur Colin Clark gestel, "as time goes on and communities become more economical advanced, the numbers engaged in agriculture tend to decline relative to the numbers in manufacture, which in their turn decline relative to the numbers engaged in services."<sup>2</sup>)

In Suid-Afrika het hierdie verskynsel aanleiding gegee tot die algemene kommer oor die ontvolking van die platteland deur blankes en die hiermee gepaardgaande verswaring van die platteland. Dit is dan ook so dat, namate die land ontwikkel het, die blankes op die platteland geleidelik verminder het, terwyl hierdie tendens nog nie juis voorgekom het by die Bantoe op die blanke-platteland nie. Die oorsaaklike rede vir laasgenoemde verskynsel kan velerlei van

<sup>2</sup>) Clark, Colin. Conditions of Economic Progress, p. 492.

aard wees. Hier kan slegs volstaan word met 'n paar algemene gedagtes, naamlik dat die elastisiteit van die aanbod van Bantoe-arbeid blykbaar heelwat laer is as dié van die blanke, dit wil sê, dat die Bantoe onder meer weens sy peil van ontwikkeling meer gebonde is aan die landbou as die blanke. Werkgeleenthede in die nie-landbousektore moet ook sodanig wees dat dit die oortollige arbeid van die landbou kan absorbeer.

### 2.3. Bydrae van landbou tot die bruto binnelandse produk

Daar is diegene wat meen dat, aangesien die relatiewe bydrae van die landbousektor tot die bruto binnelandse produk 'n dalende neiging toon, die landbousektor se deelname in die ekonomiese vooruitgang en voorspoed van die volkshuishouding dienoreenkomstig afneem. So 'n afleiding is natuurlik nie korrek nie. Hierdie verskynsel is 'n kenmerk van 'n progressiewe ekonomie, naamlik dat landbou se bydrae relatief 'n dalende neiging toon hoewel in absolute terme dit steeds 'n styging handhaaf. Dit is dan ook 'n kenmerk van die verloop van die bydrae van die Suid-Afrikaanse landbou tot die bruto binnelandse produk.

In tabel 1 word hierdie tendens voorgestel en is die dalende relatiewe aandeel van die landbousektor in die bruto binnelandse produk, duidelik waarneembaar. In 1911 was landbou se bydrae tot die bruto binnelandse produk 21,1 persent. Sedertdien het landbou se bydrae 'n geleidelike daling getoon sodat die bydrae in 1968 op 9,8 persent te staan gekom het. Hierteenoor het die fabriekswese se relatiewe bydrae tot die bruto binnelandse produk sedert 1911 met 16,9 persent gestyg tot 20,7 persent.

Uit tabel 2 blyk dit dat die Suid-Afrikaanse landbou se bydrae tot die bruto binnelandse produk sedert 1960 baie toegeneem het. In 1960 was die landbou se bydrae R562,5 miljoen, terwyl dit in 1969 R927,4 miljoen was wat 'n styging van bykans 64 persent beteken. Dit kan verder aanvaar word

dat hierdie bydrae nog verder in die toekoms sal styg en 'n wesenlike bydrae sal lewer tot die verdiening van buitelandse valuta.

#### 2.4. Bydrae tot die sekondêre nywerhede<sup>3)</sup>

In sy voorlegging voor die Kommissie van Onderzoek na die Landbou, wys die Landbou-unie op die rol van die landbou as 'n grondstofvoorsiener aan sekondêre nywerhede uit die volgende:

(a) nywerheidsinrigtings wat landbou-, bosbou- en vissery-produkte as vernaamste grondstofbronne gebruik, maak meer as 32 persent van alle nywerheidsinrigtings uit;

(b) hierdie groep nywerhede het bykans 'n kwartmiljoen werknemers in diens en dit verteenwoordig ook ongeveer 32 persent van alle werknemers in nywerhede en

(c) die bruto-opbrengs van hierdie nywerhede was in 1961/62 meer as R1 000 miljoen, wat ongeveer 37 persent van die totale bruto-opbrengs vir alle nywerhede uitmaak.

#### 2.5. Bydrae tot die groot- en kleinhandel<sup>4)</sup>

Die Suid-Afrikaanse Landbou-unie het in sy voorlegging van 1971 aan die Kommissie van Onderzoek na die Landbou die aandag op die volgende gevestig, nl. dat

(a) 44 persent of meer as 18 000 van die totale groot- en kleinhandelsinrigtings op die platteland gevestig is;

3) Derde (Finale) verslag van die Kommissie van Onderzoek na die Landbou, op. cit., p. 4.

4) IBID.

(b) hierdie sake verskaf werkgeleenthede aan meer as 100 000 mense wat 34 persent van die totale indiensneming in hierdie tipe onderneming uitmaak en

(c) hierdie plattelandse sake 'n handelsinkomste van meer as R1 000 miljoen verdien wat 28 persent van die totaal verteenwoordig, terwyl hulle 'n nettowins van bykans R40 miljoen toon wat minder as 25 persent van die totale nettowins van alle handelsake uitmaak.

## 2.6. Samevatting

Soos dit uit bostaande blyk, vorm die landbou 'n besondere onderdeel van die volkshuishouding en is dit op veelvuldige maniere ingeskakel by die ander sektore van die ekonomie. Hierdie feit word nie altyd in perspektief gesien nie met die gevolg dat die landbousektor in die ontwikkelingsdenke dikwels verdring word deur hoofsaaklik aandag te gee aan industriële ontwikkeling.

Landbou het eers vanaf die middel van hierdie eeu volle beslag gekry as 'n gekommersialiseerde onderneming. Ten spyte van 'n hoë mate van veranderlikheid van die natuur en verskeie ernstige teenslae, het landbou in 'n kort tydsbestek reeds baie goed geslaag in sy tweeledige taak, naamlik die taak om ekonomies te voorsien aan plaaslike behoeftes en om soveel betaalmiddele as moontlik in die buiteland te verdien. Hiermee is soveel sukses behaal dat dit ten volle geregyerdig is om hierdie sektor te bestempel as een van die sleutelnywerhede in die Republiek.<sup>5)</sup>

5) Van Biljon, F.J. Die ekonomiese aard van die uitdaging aan die Suid-Afrikaanse landbou. Agrekon, Vol. 5. 1966, p. 8.

SUID-AFRIKA SE UITVOERE VAN LANDBOU-PRODUKTE  
NA DIE VERENIGDE KONINKRYK EN DIE E.E.G.-LANDE

3.1. Inleiding

Die belangrikheid van die uitvoermarkte vir die Suid-Afrikaanse uitvoerder en meer in besonder die markte van die Verenigde Koninkryk en die Europese Ekonomiese Gemeenskap word in tabel 4 weerspieël.

Uit tabel 4 blyk duidelik dat die Verenigde Koninkryk die belangrikste uitvoermark vir Suid-Afrikaanse produkte is. Die relatiewe belangrikheid van uitvoere na Brittanje het die afgelope aantal jare toegeneem ten spyte van die feit dat uitvoerders na groter diversifikasie streef. Gedurende 1961 het die totale uitvoere van produkte na Brittanje 33,8 persent beloop terwyl dit in 1969 met 0,9 persent na 34,7 persent gestyg het.<sup>1)</sup>

Die uitvoere na die E.E.G.-lande het in 1969 19,4 persent beloop en vorm die E.E.G.-blok dus die tweede grootste afsetgebied van Suid-Afrikaanse produkte.

Met Brittanje se toetrede gedurende 1973 en die dus vergroete E.E.G.-blok is dit van belang om die uitvoerhandel na hierdie twee gebiede van nader te bekyk, asook die produkte wat na die lande uitgevoer word, om sodoende vas te stel tot hoe 'n mate Brittanje se toetrede die Suid-Afrikaanse boer gaan raak.

<sup>1)</sup> Pretorius, A.M. S.A. en Britse toetrede tot die Gemeenskapsmark. Volkshandel, Februarie 1971, p. 40.

3.2. Die vernaamste landbouprodukte wat in 1960, 1969 en 1971 uitgevoer is<sup>2)</sup>

Uit tabel 5 blyk dat wol in 1960 en ook in 1969 die grootste uitvoerprodukt van die landbou was. Uitvoere van wol het in 1960 38,35 persent van die uitvoere van die vernaamste landbouprodukte uitgemaak, terwyl dit in 1969 28,62 persent was. Uit tabel 5 blyk ook dat ingemaakte vrugte in 1960 die tweede grootste verdiener van buitelandse valuta vir die landbousektor was - uitvoer het toe 9,83 persent van die uitvoere van die vernaamste landbouprodukte verteenwoordig. Uitvoere van ingemaakte vrugte het geleidelik toegeneem van R24 458 558 in 1960 tot R35 530 275 in 1971, wat bietjie meer as 9 persent van die totale uitvoere in hierdie tabel verteenwoordig. Van belang egter is dat ingemaakte vrugte in 1960 die tweede plek beklee het, terwyl dit in 1971 tot die sesde posisie gedaal het.

Mielies ter waarde van R20 395 284 is in 1960 uitgevoer wat 8,16 persent van die uitvoere van die vernaamste landbouprodukte verteenwoordig. Uitvoere van mielies het sedert 1960 tot en met 1971 met R40 534 954 tot R60 930 238 gestyg, wat 'n styging van bykans 200 persent verteenwoordig.

Sitrus ter waarde van R18 933 348 is in 1960 uitgevoer wat 7,58 persent van die uitvoere van die vernaamste landbouprodukte verteenwoordig. Sitrus was derhalwe in 1960 die vierde grootste verdiener van vreemde valuta vir die landbou. In 1960 het sitrus 7,58 persent van landbou-uitvoere behels, terwyl in 1971 dit 9,48 persent was. Die waarde van uitvoere van sitrus was in 1971 R36 316 339 wat R17 382 991 meer is as in 1960 of wat 'n styging van bykans 100 persent verteenwoordig.

2) Vergelyk tabel 5 vir alle statistiese afleidings in paragraaf 3.2.

Sagtevrugte was in 1960 die vyfde grootste verdieners van buitelandse valuta van die vernaamste landbouprodukte. Uitvoere van sagtevrugte het in 1960 6,93 persent van die uitvoer van landbouprodukte verteenwoordig, terwyl dit in 1971 10,15 persent was. Die waarde van uitvoere in 1971 was R38 907 116 wat 'n vermeerdering van R21 597 934 is, of wat 'n styging van bykans 120 persent beteken.

Huide en velle ter waarde van R15 926 578 is in 1960 uitgevoer wat 4,38 persent van die uitvoere van die vernaamste landbouprodukte verteenwoordig. Huide en velle was in 1960 die sesde grootste verdieners van buitelandse valuta vir die landbou. In 1960 het huide en velle 6,38 persent van landbou-uitvoere behels, terwyl dit in 1971 2,67 persent was. Daar was vanaf 1960 'n afname in die uitvoere van huide en velle. In 1960 was die waarde van huide en velle uitgevoer, R15 926 578, terwyl dit in 1971 gedaal het na R10 245 675.

Suiker ter waarde van R15 519 752 is in 1960 uitgevoer wat 6,21 persent van die uitvoere van die vernaamste landbouprodukte verteenwoordig. Suiker was in 1960 in hierdie groepering die sewende grootste verdieners van vreemde valuta vir die landbou. In 1960 het suiker 6,21 persent van die vernaamste landbou-uitvoere behels, terwyl dit in 1971 17,22 persent was. Volgens tabel 5 was suiker dan ook die grootste verdieners van buitelandse valuta in 1971 toe suiker ter waarde van R66 009 137 uitgevoer is teenoor R15 519 752 in 1960. Die waarde van uitvoere het sedert 1960 tot en met 1971 met bykans 400 persent gestyg.

### 3.3. Uitvoere volgens lande van bestemming gedurende 1960, 1969 en 1971

#### (a) vleis

Uit tabel 26 blyk dit dat die Verenigde Koninkryk in 1960 'n baie groter mark vir Suid-Afrikaanse vleisuitvoere was as die E.E.G.-blok en dat Suid-Afrika binne laasgenoemde blok

die grootste afsetgebied in Italië gehad het. Bees- en kalfsvleis ter waarde van R99 582 is na Italië uitgevoer wat 71,64 persent van die uitvoere na die E.E.G.-blok behels.

Volgens tabel 26 was bees- en kalfsvleis die vleisprodukt wat die meeste uitgevoer is. Net die Verenigde Koninkryk het varkvleis, spek en ham vanaf Suid-Afrika ingevoer. Uit tabel 6 blyk dat Suid-Afrika 65,89 persent vleis na die Verenigde Koninkryk in 1960 uitgevoer het. Die E.E.G.-lande het vleis ter waarde van R139 002 ingevoer wat 5,06 persent van Suid-Afrika se vleisuitvoere verteenwoordig. Gedurende 1969 het Suid-Afrika geen vleis na Italië uitgevoer nie, terwyl Nederland die enigste E.E.G.-land was wat vleis hiervandaan ingevoer het. Volgens tabel 27 is vleis ter waarde van R65 559 na Nederland uitgevoer wat 100 persent verteenwoordig van uitvoere na die E.E.G.-blok. Volgens tabel 6 is daar minder vleis gedurende 1969 na die E.E.G.-lande uitgevoer, naamlik 0,67 persent van uitvoere teenoor 6,06 persent in 1960. Uit hierdie tabel blyk verder dat vleis ter waarde van R4 921 499 in 1969 na die Verenigde Koninkryk uitgevoer is wat 50,3 persent van die Suid-Afrikaanse vleisuitvoere verteenwoordig. Die toename in waarde vanaf 1960 tot 1969 verteenwoordig 'n styging van 172,0 persent.

Volgens tabel 6 is vleis ter waarde van R8 637 503 in 1971 na die Verenigde Koninkryk uitgevoer, wat 'n styging van 477,47 persent sedert 1960 verteenwoordig. Suid-Afrikaanse uitvoere van vleis na die Verenigde Koninkryk het 39,04 persent van uitvoere uitgemaak, terwyl uitvoere na die E.E.G.-lande 8,23 persent van die totale uitvoere van vleis uitgemaak het. Volgens tabel 28 was Nederland die E.E.G.-land wat die meeste vleis in 1971 in die vorm van bees- en kalfsvleis vanuit Suid-Afrika ingevoer het. Vleis ter waarde van R947 331 wat 51,96 persent van vleisuitvoere na die E.E.G.-lande verteenwoordig is na Nederland uitgevoer. Uitvoere na Frankryk het 27,59 persent van uitvoere na die E.E.G. verteenwoordig.

Uitvoere van vleis na die E.E.G.-lande het in 1971 skerp toegeneem toe vleis ter waarde van R1 823 059 uitgevoer is wat 'n styging van 1211,53 persent sedert 1960 verteenwoordig.

(b) Suiwel

Uit tabel 26 blyk dit dat die Verenigde Koninkryk die grootste invoerder van botter en kaas vanaf Suid-Afrika in 1960 was. 'n Baie klein hoeveelheid botter en kaas is na die E.E.G.-lande uitgevoer.

Volgens tabel 27 is geen suiwelprodukte gedurende 1969 na die E.E.G.-lande uitgevoer nie. Uitvoere na die Verenigde Koninkryk het 55,72 persent van die uitvoere van suiwelprodukte uit Suid-Afrika uitgemaak. Volgens tabel 28 was daar geen uitvoere in 1971 na sowel die E.E.G.-lande as die Verenigde Koninkryk nie.

(c) Eiers

Uit tabel 26 blyk dit dat die Verenigde Koninkryk in 1960 'n baie groter mark vir Suid-Afrikaanse eier-uitvoere as die E.E.G.-blok was en dat Suid-Afrika binne laasgenoemde blok die grootste afsetgebied in Duitsland gehad het. Eiers ter waarde van R671 016 is na Duitsland uitgevoer wat 70,07 persent van die uitvoere na die E.E.G.-blok behels. Volgens tabel 7 het die E.E.G.-lande eiers ter waarde van R957 672 in 1960 ingevoer wat 32,38 persent van die eiers wat uitgevoer is, verteenwoordig. Uitvoere van eiers na die Verenigde Koninkryk het 53,02 persent van die uitvoere in 1960 verteenwoordig.

In 1969 was daar volgens tabel 7 'n aansienlike daling in die uitvoere van eiers na die E.E.G.-lande, sowel as die Verenigde Koninkryk. Hierdie dalende tendens is voortgesit in 1971.

(d) Mielies

Uit tabel 26 blyk dat die Verenigde Koninkryk in 1960, 1969 en 1971 'n baie groter mark vir Suid-Afrikaanse mielie-uitvoere was as die E.E.G.-lande en dat Suid-Afrika binne laasgenoemde blok die grootste afsetgebied in Italië gehad het. Volgens tabel 8 was die waarde van mielies wat in 1960 na die Verenigde Koninkryk uitgevoer is, R9 646 120. Hierdie uitvoere verteenwoordig 47,3 persent van die uitvoere van mielies. Suid-Afrikaanse uitvoere na Italië het 72,42 persent van die uitvoere van mielies na die E.E.G.-lande verteenwoordig.

Volgens tabel 8 was daar gedurende 1969 vergeleke met 1960 'n afname in die waarde van Suid-Afrikaanse uitvoere na sowel die Verenigde Koninkryk as die E.E.G.-lande. In die geval van die E.E.G.-lande was die afname R486 767 of 33,02 persent, terwyl dit vir die Verenigde Koninkryk R3 613 382 of 37,46 persent was. Anders as in 1960, toe Italië die grootste invoerder van Suid-Afrikaanse mielies was, was Duitsland volgens tabel 27 in 1969 die grootste invoerder van mielies uit Suid-Afrika. Mielies ter waarde van R573 442 is in 1969 na Duitsland uitgevoer wat 58,06 persent van uitvoere na die E.E.G.-lande verteenwoordig het.

Uit tabel 8 blyk dat uitvoere van mielies in 1971 na die Verenigde Koninkryk asook die E.E.G.-lande baie toegeneem het. Uitvoere van mielies na die Verenigde Koninkryk in 1971 het 23,92 persent van mielie-uitvoere verteenwoordig, terwyl in die geval van die E.E.G.-lande dit 7,18 persent was. Net soos in die geval in 1969 was Duitsland die E.E.G.-land wat 100 persent van die Suid-Afrikaanse uitvoere van mielies na die E.E.G.-lande verteenwoordig het.

(e) Sorghum

Uit tabel 26 blyk dat in 1960 geen graansorghum na die E.E.G.-lande uitgevoer is nie, terwyl uitvoere na die Verenigde Koninkryk 77,55 persent van uitvoere van sorghums uit

Suid-Afrika verteenwoordig.

Uit tabel 9 blyk dat geen sorghums in 1969 na sowel die Verenigde Koninkryk as die E.E.G.-lande uitgevoer is nie.

Volgens tabel 9 was daar in 1971 Suid-Afrikaanse sorghum ter waarde van R21 610 na die E.E.G.-lande uitgevoer wat 0,27 persent van die uitvoere van sorghums verteenwoordig. Volgens tabel 28 was België in 1971 die enigste E.E.G.-land wat sorghum vanuit Suid-Afrika ingevoer het.

Volgens tabel 9 het uitvoere van sorghum na die Verenigde Koninkryk 36,78 persent van die totale Suid-Afrikaanse uitvoere in 1971 verteenwoordig toe sorghums ter waarde van R2 938 680 vanuit Suid-Afrika ingevoer was.

(f) Sitrus

Uit tabel 26 blyk dat die Verenigde Koninkryk in 1960 'n groter mark vir Suid-Afrikaanse sitrus- (lemoene, pomelo's en suurlemoene) uitvoere as die E.E.G.-blok was en dat Suid-Afrika binne laasgenoemde blok die grootste afsetgebied in Duitsland gehad het gevolg deur Nederland en Frankryk. Volgens tabel 10 was Suid-Afrikaanse sitrus ter waarde van R7 336 808 na die E.E.G.-lande uitgevoer wat 38,75 persent van Suid-Afrikaanse sitrusuitvoere verteenwoordig. Uitvoere van sitrus na die Verenigde Koninkryk het 47,90 persent van sitrusuitvoere verteenwoordig. Volgens tabel 26 verteenwoordig uitvoere van sitrus na Duitsland 35,62 persent van die Suid-Afrikaanse sitrusuitvoere na die E.E.G.-lande, terwyl dit vir Nederland 24,76 persent en vir Frankryk 20,75 persent was.

Uit tabel 27 blyk dat die E.E.G.-blok in 1969 'n groter mark vir Suid-Afrikaanse sitrusuitvoere as die Verenigde Koninkryk was en dat Suid-Afrika binne eersgenoemde die grootste afsetgebied in Frankryk gehad het, gevolg deur Duitsland en Nederland. Volgens tabel 10 was sitrus ter waarde van

R16 207 099 na die E.E.G.-lande uitgevoer wat 45,51 persent van uitvoere van Suid-Afrikaanse sitrus verteenwoordig. Uitvoere van sitrus na die Verenigde Koninkryk het 36,18 persent van sitrusuitvoere verteenwoordig. Volgens tabel 27 verteenwoordig Suid-Afrikaanse uitvoere van sitrus na Frankryk 46,41 persent van sitrusuitvoere vanaf Suid-Afrika na die E.E.G.-lande, terwyl dit na Duitsland 27,96 persent en na Nederland 12,09 persent was. Volgens tabel 27 was daar 'n groot toename in uitvoere na Frankryk asook na Duitsland, terwyl uitvoere na Nederland min toegeneem het.

Volgens tabel 10 was daar in 1971 'n afname van 9,37 persent in uitvoere na die E.E.G. vergeleke met 1969. Ten spyte van die afname was die E.E.G.-lande nog steeds die grootste invoerder van Suid-Afrikaanse sitrus. Frankryk, gevolg deur Duitsland, het die grootste invoerders van Suid-Afrikaanse sitrus gebly. Uit tabel 28 blyk dit verder dat België 'n belangrike invoerland in 1971 was toe sitrus ter waarde van R2 072 268 wat 14,11 persent van die Suid-Afrikaanse sitrusuitvoere na die E.E.G.-lande verteenwoordig het.

#### (g) Sagtevrugte

Uit tabel 26 blyk dat die Verenigde Koninkryk in 1960 'n groter mark vir Suid-Afrikaanse sagtevrugte-uitvoere as die E.E.G.-blok was en dat Suid-Afrika binne laasgenoemde gebied die grootste afsetgebied in Duitsland gehad het, gevolg deur België.

Volgens tabel 11 is Suid-Afrikaanse sagtevrugte in 1960 ter waarde van R11 102 502 na die Verenigde Koninkryk uitgevoer wat 64,13 persent van die uitvoere van die Suid-Afrikaanse sagtevrugte verteenwoordig. Uitvoere van Suid-Afrikaanse sagtevrugte na die E.E.G.-lande het 13,28 persent van die Suid-Afrikaanse sagtevrugte-uitvoere verteenwoordig. Volgens tabel 26 verteenwoordig uitvoere van Suid-Afrikaanse sagtevrugte na Duitsland in 1960 46,60 persent van sagte-

vrugte-uitvoere na die E.E.G.-lande, terwyl dit na België 51,40 persent beloop het.

Uit tabel 11 blyk dat daar 'n aanmerklike toename in die uitvoere na die E.E.G.-lande asook die Verenigde Koninkryk in 1969 was. Die waarde van uitvoere van sagtevrugte na die E.E.G.-lande het sedert 1960 met R6 439 600 tot R8 738 452 gestyg, terwyl dit na die Verenigde Koninkryk met R7 989 310 tot R19 091 812 gestyg het. 'n Persentuele styging van 280,12 persent en 58,0 persent onderskeidelik vir die E.E.G.-lande en die Verenigde Koninkryk.

Volgens tabel 27 is in 1969 die meeste sagtevrugte na België uitgevoer, wat 54,26 persent van die uitvoere na die E.E.G.-lande verteenwoordig.

Uit tabel 11 blyk dat uitvoere van Suid-Afrikaanse sagtevrugte na die E.E.G.-lande steeds toeneem. Uitvoere van Suid-Afrikaanse sagtevrugte na die E.E.G.-blok het in 1971 31,68 persent van die uitvoere van Suid-Afrikaanse sagtevrugte beloop, terwyl dit in 1960 maar 13,28 persent was.

In 1960 sowel as 1969 en 1971, was appels en druiwe die twee sagtevrugte kommoditeite wat die meeste uitgevoer was. Uit tabel 28 blyk dat in 1971 uitvoere van appels 53,70 persent van sagtevrugte-uitvoere verteenwoordig het, terwyl druiwe 29,11 persent verteenwoordig.

#### (h) Droëvrugte

Uit tabel 12 blyk dat die Verenigde Koninkryk in 1960 asook in 1969 en 1971 'n groter mark vir Suid-Afrikaanse droëvrugte-uitvoere as die E.E.G.-blok was. Volgens tabel 26 was Duitsland die E.E.G.-land wat die meeste droëvrugte in 1960 vanuit Suid-Afrika ingevoer het. Uitvoere na Duitsland het 43,45 persent van uitvoere van droëvrugte na die E.E.G.-lande in 1960 verteenwoordig. Volgens tabel 27 was Duitsland in 1969 ook die E.E.G.-land wat die meeste droë-

vrugte vanuit Suid-Afrika ingevoer het. Volgens tabel 28 het hierdie tendens hom ook in 1971 herhaal toe Suid-Afrikaanse uitvoere van droëvrugte na Duitsland 50,17 persent van uitvoere na die E.E.G.-lande verteenwoordig het.

Uit tabel 28 blyk dat rosyne, korente en sultanas die droëvrugte-item is wat in 1971 die meeste van uitgevoer was. Uitvoere van hierdie kommoditeit het 73,55 persent van die droëvrugte-uitvoere verteenwoordig.

(i) Ingemaakte vrugte

Uit tabel 26 blyk dat die Verenigde Koninkryk in 1960 'n groter mark vir Suid-Afrikaanse ingemaakte vrugte-uitvoere as die E.E.G.-blok was en dat Suid-Afrika binne laasgenoemde blok die grootste afsetgebied in Duitsland gehad het. Volgens tabel 13 was ingemaakte vrugte in 1960 ter waarde van R2 825 324 na die E.E.G.-lande uitgevoer wat 11,55 persent van uitvoere van Suid-Afrikaanse ingemaakte vrugte verteenwoordig. Volgens tabel 26 is ingemaakte vrugte ter waarde van R2 233 678 in 1960 na Duitsland uitgevoer wat 76,35 persent van uitvoere na die E.E.G.-lande verteenwoordig.

Volgens tabel 13 was daar 'n aansienlike vermeerdering in die uitvoere van Suid-Afrikaanse ingemaakte vrugte na die E.E.G.-lande in 1969. Uitvoere van Suid-Afrikaanse ingemaakte vrugte na die E.E.G.-lande het 17,14 persent van die totale uitvoere van ingemaakte vrugte verteenwoordig teenoor 11,55 persent in 1960. In 1971 het Suid-Afrikaanse uitvoere na die E.E.G.-lande 20,96 persent van uitvoere van Suid-Afrikaanse ingemaakte vrugte verteenwoordig. Uitvoere van ingemaakte vrugte na die Verenigde Koninkryk in 1971 het persentasiegewys gedaal vanaf 76,82 persent in 1960 tot 60,73 persent in 1971.

Volgens tabel 26 was ingemaakte perskes die ingemaakte vrugte-item wat in 1960 die meeste van uitgevoer was, naamlik

39,98 persent. Hierdie tendens is volgens tabel 27 in 1969 herhaal toe uitvoere van ingemaakte perskes 50,12 persent van die uitvoere van Suid-Afrikaanse ingemaakte vrugte verteenwoordig het. Volgens tabel 28 is hierdie tendens voortgesit toe uitvoere van ingemaakte perskes 51,63 persent van die uitvoere van Suid-Afrikaanse ingemaakte vrugte verteenwoordig het.

(j) Vrugtesappe

Uit tabel 14 blyk dat die Verenigde Koninkryk in 1960 die grootste invoerder van Suid-Afrikaanse vrugtesappe was. Vrugtesappe ter waarde van R887 426 wat 93,41 persent van die uitvoere van Suid-Afrikaanse vrugtesappe verteenwoordig is na die Verenigde Koninkryk uitgevoer.

In 1969 was daar 'n groot styging in die uitvoere van vrugtesappe na die E.E.G.-lande, terwyl daar 'n groot daling voorgekom het in uitvoere na die Verenigde Koninkryk.

Uit tabel 28 blyk dat Duitsland in 1971 die E.E.G.-land was wat die grootste invoerder van Suid-Afrikaanse vrugtesappe was.

(k) Groente

Uit tabel 26 blyk dat die Verenigde Koninkryk in 1960 die grootste mark van Suid-Afrikaanse groente-uitvoere was en dat Duitsland binne die E.E.G.-blok die grootste afsetgebied vir Suid-Afrikaanse groente was.

Volgens tabel 15 was daar in 1969 asook in 1971 geen uitvoere van groente na die E.E.G.-lande nie. Die waarde van Suid-Afrikaanse groente wat na die Verenigde Koninkryk uitgevoer is, het sedert 1960 tot en met 1971 met R216 272 tot R627 756 toegeneem wat 'n styging van 52,55 persent verteenwoordig.

(1) Suiker en melasse

Uit tabel 16 blyk dat die Verenigde Koninkryk in 1960 die grootste invoerder van Suid-Afrikaanse suiker en melasse was. 'n Baie klein hoeveelheid, naamlik 0,02 persent van die suikeruitvoere, het na die E.E.G.-lande gegaan. Volgens tabel 26 was Nederland die enigste E.E.G.-land wat suiker in 1960 vanuit Suid-Afrika ingevoer het.

Volgens tabel 16 was daar 'n skerp daling in suikeruitvoere na die Verenigde Koninkryk in 1969. In 1969 het Suid-Afrikaanse suikeruitvoere na die Verenigde Koninkryk 16,38 persent van die uitvoere van Suid-Afrikaanse suiker verteenwoordig teenoor 62,65 persent in 1960. Suikeruitvoere na die res van die wêreld het 83,33 persent van die suikeruitvoere verteenwoordig. In 1971 het uitvoere van Suid-Afrikaanse suiker na die res van die wêreld na 93,00 persent gestyg, terwyl uitvoere na die E.E.G.-lande 0,70 persent beloop het.

Volgens tabel 16 het uitvoere van Suid-Afrikaanse suiker na die res van die wêreld sedert 1960 met R55 595 713 tot R61 389 295 in 1971 toegeneem. Hierdie uitvoere verteenwoordig 'n styging van 959,60 persent.

(m) Wyn

Uit tabel 26 blyk dat die Verenigde Koninkryk in 1960 'n groter mark vir Suid-Afrikaanse wynuitvoere as die E.E.G.-lande was en dat Suid-Afrika binne laasgenoemde lande die grootste afsetgebied in Duitsland gehad het.

Volgens tabel 17 is Suid-Afrikaanse wyn ter waarde van R1 568 330 na die Verenigde Koninkryk in 1960 uitgevoer wat 59,36 persent van uitvoere van Suid-Afrikaanse wyn verteenwoordig. Dit blyk verder uit tabel 17 dat daar in 1969 'n afname in die uitvoere van Suid-Afrikaanse wyn na die E.E.G.-lande was. Hierdie daling het ook in 1971 voortgeduur toe

Suid-Afrikaanse uitvoere van wyn na die E.E.G.-lande, 1,67 persent van uitvoere van wyn verteenwoordig het.

(n) Tabak

Uit tabel 18 blyk dat die Verenigde Koninkryk met 37,05 persent van die uitvoere van Suid-Afrikaanse tabak, die grootste invoerder van tabak in 1960 was. Uitvoere na die E.E.G.-lande het 36,73 persent van die uitvoere van tabak verteenwoordig. Volgens tabel 26 was Nederland van die E.E.G.-lande die grootste invoerder van tabak vanuit Suid-Afrika. Volgens tabel 18 was daar 'n aansienlike daling in die uitvoere van tabak na die E.E.G.-lande in 1969 toe uitvoere van tabak 15,06 persent beloop het. Hierteenoor was daar 'n styging in die uitvoere van tabak na die Verenigde Koninkryk. In 1971 het die uitvoere van tabak na die Verenigde Koninkryk 60,54 persent beloop teenoor 37,05 persent in 1960. Uitvoere na die E.E.G.-lande was 20,33 persent in 1971 teenoor 36,73 persent in 1960:

Uit tabel 28 blyk dat Nederland in 1971 die E.E.G.-land was waarheen die meeste Suid-Afrikaanse tabak uitgevoer is. Uitvoere na Nederland het 98,39 persent van uitvoere van tabak na die E.E.G.-lande verteenwoordig.

(o) Huide en velle

Uit tabel 19 blyk dat die E.E.G.-lande in 1960 die grootste mark vir Suid-Afrikaanse huide en velle gehad het. Uitvoere na die E.E.G.-blok het 47,77 persent van uitvoere van Suid-Afrikaanse huide en velle verteenwoordig teenoor die 19,18 persent na die Verenigde Koninkryk en 33,05 persent na die res van die wêreld. Uit tabel 26 blyk dat Suid-Afrika binne die E.E.G.-blok die grootste afsetgebied in Italië gehad het. Uitvoere van huide en velle na Italië het in 1960 56,30 persent van uitvoere na die E.E.G.-lande verteenwoordig, terwyl dit vir Frankryk, wat die tweede grootste invoerder van Suid-Afrikaanse huide en velle was, 24,04 persent was.

Volgens tabel 19 het uitvoere van Suid-Afrikaanse huide en velle na die E.E.G.-lande in 1969 toegeneem met 48,65 persent, terwyl daar 'n afname in uitvoere na die Verenigde Koninkryk en die res van die wêreld was. Uitvoere na die E.E.G.-lande het 69,30 persent van die uitvoere van Suid-Afrikaanse huide en velle in 1969 verteenwoordig. Volgens tabel 27 was Italië van die E.E.G.-lande ook in 1969 die grootste invoerder van Suid-Afrikaanse huide en velle. Uitvoere na Italië het 55,57 persent van die Suid-Afrikaanse uitvoere na die E.E.G.-lande beloop.

Uit tabel 19 blyk dat die E.E.G.-lande ook in 1971 die grootste afsetgebied vir Suid-Afrikaanse huide en velle was. Uitvoere na die E.E.G.-lande het 62,21 persent van die uitvoere van Suid-Afrikaanse huide en velle verteenwoordig teenoor 47,77 persent in 1960.

Volgens tabel 28 was Duitsland van die E.E.G.-lande die grootste invoerder van huide en velle in 1971. 29,96 Persent van uitvoere van huide en velle na die E.E.G.-lande is daarheen uitgevoer.

(p) Karakoelpelse en Persiese lammervelle

Uit tabel 26 blyk dat die Verenigde Koninkryk in 1960 'n baie groter mark vir Suid-Afrikaanse karakoelpelse en lammervelle-uitvoere as die E.E.G.-lande was en dat Suid-Afrika binne laasgenoemde blok die grootste afsetgebied in Duitsland gehad het. Volgens tabel 20 het die uitvoere van Suid-Afrikaanse karakoelpelse en Persiese lammervelle na die Verenigde Koninkryk in 1960 96,34 persent van die Suid-Afrikaanse uitvoere van hierdie kommoditeite verteenwoordig.

Volgens tabel 20 is hierdie tendens in 1969 asook in 1971 voortgesit toe die Suid-Afrikaanse uitvoere van karakoelpelse en Persiese lammervelle na die Verenigde Koninkryk 97,60 persent en 96,25 persent onderskeidelik was.

(q) Grondbone

Uit tabel 26 blyk dat die E.E.G.-lande 'n groter afsetgebied vir Suid-Afrikaanse grondboneprodukte in 1960 was as die Verenigde Koninkryk. Volgens tabel 21 was uitvoere na die E.E.G.-lande 23,94 persent van die totale uitvoere van Suid-Afrikaanse grondbone in 1960. In 1969 het die Suid-Afrikaanse uitvoere na die E.E.G.-lande tot 32,95 persent van die totale Suid-Afrikaanse uitvoere toegeneem en in 1971 het die uitvoere tot 44,41 persent van die uitvoere van hierdie produk gestyg.

Die waarde van uitvoere van grondbone na die E.E.G.-lande het sedert 1960 met R4 552 465 gestyg tot R6 958 737 in 1971 wat 'n styging van 65,00 persent beteken.

Volgens tabel 26 was Nederland die E.E.G.-land wat die meeste Suid-Afrikaanse grondbone ingevoer het. Uitvoere van grondbone na hierdie land het 45,66 persent van uitvoere na die E.E.G.-lande in 1960 verteenwoordig. In 1969 was Duitsland volgens tabel 27 die grootste afsetgebied van grondbone in die E.E.G.-blok met 49,58 persent van uitvoere na die E.E.G.-lande. Volgens tabel 28 blyk dat Frankryk in 1971 die grootste afsetgebied van grondbone in die E.E.G.-blok met 41,27 persent was.

(r) Wol

Uit tabel 22 blyk dat die E.E.G.-blok die grootste afsetgebied vir Suid-Afrikaanse wol in 1960, 1969 asook in 1971 was toe uitvoere na hierdie blok lande 48,17 persent, 49,94 persent en 50,96 persent onderskeidelik vir genoemde jare was. Uit tabel 26 blyk dat Frankryk die E.E.G.-land was wat in 1960 die meeste wol vanuit Suid-Afrika ingevoer het. Uitvoere van wol na Frankryk het 39,35 persent van uitvoere na die E.E.G.-lande verteenwoordig, terwyl dit 29,05 persent vir Duitsland en 21,75 persent vir Italië was. Volgens tabel 27 was Frankryk, gevolg deur Duitsland en Italië, ook in 1969 die grootste invoerders van Suid-Afrikaanse wol.

Hierdie tendens het homself volgens tabel 28 in 1971 herhaal. Uitvoere na Frankryk was 40,17 persent van die totale Suid-Afrikaanse uitvoere, terwyl na Duitsland en Italië respektiewelik 36,53 persent en 15,50 persent uitgevoer is.

(s) Bokhaar

Uit tabel 26 blyk dat die Verenigde Koninkryk in 1960 'n groter afsetgebied vir Suid-Afrikaanse bokhaaruitvoere as die E.E.G.-lande was en dat Suid-Afrika binne laasgenoemde gebied die grootste afsetgebied in Italië gehad het. Volgens tabel 23 is 52,12 persent van bokhaaruitvoere na die Verenigde Koninkryk in 1960 uitgevoer. In 1969 het daar 'n daling in uitvoere na die Verenigde Koninkryk voorgekom. In 1971 was daar egter weer 'n styging in uitvoere na die Verenigde Koninkryk.

Volgens tabel 26 was uitvoere na Italië 75,76 persent van uitvoere van Suid-Afrikaanse bokhaar na die E.E.G.-lande in 1960. In 1969 was dit 75,75 persent en in 1971 was uitvoere van bokhaar 59,04 persent.

(t) Volstruisvere

Uit tabel 24 blyk dat die Verenigde Koninkryk in 1960 'n groter mark vir Suid-Afrikaanse volstruisveer-uitvoere as die E.E.G.-lande was. In 1969 was die E.E.G.-lande egter 'n groter afsetgebied as die Verenigde Koninkryk. Uitvoere na die E.E.G.-lande het in 1969 27,22 persent van die uitvoere van volstruisvere verteenwoordig teenoor die 7,65 persent na die Verenigde Koninkryk.

Volgens tabel 26 was uitvoere na Nederland 71,00 persent van die uitvoere van die E.E.G.-lande in 1960, terwyl Italië volgens tabel 27 die grootste invoerder in 1969 was. Volgens tabel 28 was Italië ook in 1971 die grootste invoerder van volstruisvere toe uitvoere daarheen 46,71 persent van die uitvoere na die E.E.G.-lande verteenwoordig het.

(u) Katoen

Uit tabel 25 blyk dat die Verenigde Koninkryk in 1960 die grootste mark vir Suid-Afrikaanse katoen was. Geen katoen is in diè tydperk na die E.E.G.-lande uitgevoer nie. In 1969 was 27,17 persent van die uitvoere van katoen na die E.E.G.-lande teenoor die 69,62 persent na die Verenigde Koninkryk. In 1971 is daar geen Suid-Afrikaanse katoen na die Verenigde Koninkryk uitgevoer nie, terwyl uitvoere na die E.E.G.-lande 44,33 persent verteenwoordig het.

Volgens tabel 27 was Duitsland die enigste E.E.G.-land wat in 1969 katoen vanuit Suid-Afrika ingevoer het. Hierdie tendens het homself volgens tabel 28 in 1971 herhaal toe uitvoere na Duitsland R472 859 beloop het en Duitsland die enigste E.E.G.-land was wat katoen ingevoer het.

3.4. Samevatting

Uit die voorafgaande bespreking blyk dat die Verenigde Koninkryk 'n groter mark vir Suid-Afrikaanse landbouprodukte as die E.E.G.-lande was. In 1960 was daar egter enkele landbouprodukte, naamlik huide en velle, grondbone en wol, waarvan meer na die E.E.G.-lande uitgevoer was. Volgens tabel 26 blyk dat Frankryk die grootste E.E.G.-invoerland van Suid-Afrikaanse landbouprodukte was gevolg deur Duitsland.

Uit tabel 27 blyk dat die Verenigde Koninkryk in 1969 steeds die grootste mark vir Suid-Afrikaanse landbouprodukte bied. Dit blyk verder dat, in teenstelling met 1960, daar meer sitrus na die E.E.G.-lande uitgevoer was as na die Verenigde Koninkryk. Ook in die geval van vrugtesappe en volstruisvere het hierdie tendens ingetree. In 1969 was Duitsland die grootste E.E.G.-invoerland van Suid-Afrikaanse landbouprodukte.

Uit tabel 28 blyk dat die Verenigde Koninkryk steeds die grootste mark vir Suid-Afrikaanse landbouprodukte bied.

Van belang is dat die handel sedert 1960 baie uitgebrei het na die E.E.G.-lande. In 1960 het uitvoere van landbouprodukte na die E.E.G.-lande 29,98 persent van landbou-uitvoere verteenwoordig teenoor 40,86 persent na die Verenigde Koninkryk. In 1971 het uitvoere na die E.E.G.-lande 22,41 persent verteenwoordig, teenoor 31,72 persent na die Verenigde Koninkryk.

DIE INVLOED VAN BRITTANJE SE TOETREDE  
TOT DIE EUROPESE EKONOMIESE GEMEENSAP  
OP DIE SUID-AFRIKAANSE LANDBOU

4.1. Inleiding

Uit hoofstuk 3 het dit duidelik geblyk dat die Verenigde Koninkryk 'n belangrike mark vir Suid-Afrikaanse landbouprodukte was. In 1971 was landbouprodukte ter waarde van R121 552 612 na die Verenigde Koninkryk uitgevoer wat 31,72 persent van die Suid-Afrikaanse landbou-uitvoere verteenwoordig het.

Met die toetrede van die Verenigde Koninkryk tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap op 1 Januarie 1973 het daar sekere veranderings ten opsigte van handelsooreenkomste tussen Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk ingetree wat 'n nadelige effek op die uitvoerhandel vir Suid-Afrikaanse landbouprodukte het en nog sal hê. Suid-Afrika het voor die Britse toetrede sekere voorkeurtariewe op laasgenoemde se markte geniet. Hierdie voorkeure het nou verval of is in 'n oorgangsproses om tot niet te gaan. Hierdie Ekonomiese Gemeenskap het weer sekere tariewe om produsente van lidlande te beskerm.

Met Britse toetrede is Brittanje nou verplig om ook hierdie tariefheffings te hef op nie-lande waarvan Suid-Afrika een is. Vir Suid-Afrika verdwyn die handelsvoordele wat sy in Brittanje vir baie jare gehad het. In hierdie hoofstuk sal daar gepoog word om vas te stel in watter mate Britse toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap die Suid-Afrikaanse landbou beïnvloed.

#### 4.2. Suid-Afrikaanse Statebondsvoorkeure

In 1932 is die Ottawa-stelsel van imperiale voorkeure deur die Verenigde Koninkryk en lede van die Statebond onderteken.<sup>1)</sup>

Hierdie ooreenkoms het voorsiening gemaak vir voorkeurtariewe toegestaan deur Brittanje vir 'n reeks landbouprodukte ingevoer vanuit Statebondslande. Die Statebondslande waarvan Suid-Afrika een was, het weer op hulle beurt toegestem dat voorkeur verleen word aan Britse uitvoere van vervaardigde goedere.

#### 4.3. Die belangrikste gevolge van die E.E.G.-tariewe

Die doel met die E.E.G.-tariewe is om die landboumark vir die E.E.G.-lande te stabiliseer deur hulle te beskerm teen spekulatiewe prysskommeling en 'n afsetgebied van derde lande tydens oorskotte.

Uit tabel 29 blyk dat:

(a) die invoerkoste van die Suid-Afrikaanse produkte vir die invoerder gaan toeneem, want waar kambol teen voorkeur van 10 persent ingevoer is, moet daar nou 'n heffing van 3 persent betaal word. Daar is dus 'n verhoging van 3 persent in die kostes;

(b) die Suid-Afrikaanse produkte aan strawwe kompetisie blootgestel word. Aan die een kant die E.E.G. en sy geassosieerde lande wat 'n laer heffing betaal, terwyl mede derde lande nou op gelyke voet met die Suid-Afrikaanse produkte kompeteer. In die geval van kambol, gaan die Suid-Afrikaanse uitvoerder 3 persent meer betaal en die uitvoerder van die V.S.A. 7 persent minder as voorheen en

<sup>1)</sup> Wexter, Imanuel. Fundamentals of International Economics, P. 264.

(c) die heffings wat hier ter sprake is, bereken word op die ad valoremwaarde van die invoere. Op baie produkte is daar egter nog ander prysbeperkings soos minimum invoerprys en sluispryse wat die koste van die invoer binne die E.E.G. nog verder kan opstoot.

In die volgende gedeelte sal die tradisionele Suid-Afrikaanse uitvoer landbouprodukte bespreek word. Die bedrywe sal in twee kategorieë verdeel word, naamlik (a) die wat hoofsaaklik van die uitvoermark afhanklik is en (b) die wat hulle surplusproduksie uitvoer. Die verwagte invloed van die moontlike toetrede van Brittanje tot die E.E.G. sal vir elke bedryf bespreek word.

#### 4.4. Die bedrywe wat hoofsaaklik van uitvoere afhanklik is

Die Suid-Afrikaanse bedrywe wat in hierdie kategorie val, is sitrus, sagtevrugte, droëvrugte en wol.

Die relatiewe belangrikheid van uitvoere vir sommige van hierdie bedrywe en die gedeelte wat na Brittanje gaan, word in tabel 30 aangetoon.

Uit tabel 30 blyk dat:

(a) sitrus vir 96,7 persent van sy brutowaarde afhanklik is van uitvoere, sagtevrugte vir 56,4 persent van sy brutowaarde afhanklik is van uitvoere, droëvrugte 48,7 persent en wol 83,4 persent en

(b) die uitvoere na die Verenigde Koninkryk as persentasie van die brutowaarde dui die bedryf se afhanklikheid van die Britse mark aan. Dit is duidelik dat met Brittanje se toetrede tot die E.E.G. die bedrywe wat hier 'n hoë persentasie toon, byvoorbeeld die sitrusbedryf 36,3 persent meer geraak word as dié wat 'n laer persentasie toon soos die wolbedryf. Sagtevrugte is ook 'n bedryf wat baie geraak word, terwyl

droëvrugte in 'n mindere mate deur Britse toetrede geraak word. Die moontlike gevolge vir bedrywe as gevolg van Brittanje se toetrede tot die E.E.G. word vervolgens bespreek.

#### 4.4.1 Sitrusbedryf

Die sitrusbedryf is reeds 'n geruime tyd besig om sy handel te diversifiseer. Nuwe markte is reeds gevind en die hoeveelheid wat na die Verenigde Koninkryk uitgevoer word, daal volgens tabel 10, sedert 1960.

Alhoewel die grootste hoeveelheid Suid-Afrikaanse sitrusvrugte gedurende die Europese somer/herfs verkoop word en die Mediterreense vrugte in die winter/lente verkoop word, is daar nog groot oorvleueling. Hierdie oorvleueling sal waarskynlik aangemoedig word deur die E.E.G. se gedifferensieerde tariewe. Verder sal die konsumpsie van sitrusvrugte in die Verenigde Koninkryk, wat alreeds die laagste in Europa is, waarskynlik nog verder afneem as die verhoogde E.E.G.-tariewe die prys van sitrusvrugte opstoot.

#### 4.4.2 Sagtevrugtebedryf

Die sagtevrugtebedryf was tradisioneel in dieselfde bootjie as die inmaakbedryf. Gedurende 1960 het 64,13 persent van die sagtevrugte-uitvoere volgens tabel 11 na die Verenigde Koninkryk gegaan. In 1970 is hierdie uitvoer meer verspreid en gaan slegs 46,97 persent volgens tabel 11 na Brittanje. Die invloed van die moontlike toetrede van Brittanje tot die E.E.G. sal nogtans ernstig wees soos afgelei kan word uit tabel 28.

Volgens tabel 31 is dit veral appelkose, perskes en druiwe wat die grootste daling in verdienste sal toon. Uitvoere van appelkose en perskes verteenwoordig egter 'n klein hoeveelheid tonnemaat sagtevrugte wat uitgevoer word. Dit

is veral die wingerd- en die appelbedryf waarvan die meeste uitgevoer word, wat die hardste getref word.<sup>2)</sup>

Hoewel die kritieke uitwerking op appelkose, perskes en druiwe duidelik is, sal die verlies aan inkomste ten opsigte van pruime (20c per houer), pere (16c per kis) en appels (18c per kis) noodwendig die lonendheid van 'n aansienlike persentasie produsente bedreig.

Die invloed van die toetrede van Brittanje tot die E.E.G. mag minder ernstig word namate:

(a) die oorgangstydperk langer is en

(b) die pryse in die Verenigde Koninkryk as gevolg van die toetrede tot die E.E.G. styg.

#### 4.4.3 Wol

Die posisie van wol is baie meer rooskleurig as die van bostaande bedrywe. Volgens tabel 22 word 50,96 persent van die Suid-Afrikaanse wolskeersel na E.E.G.-lande uitgevoer, terwyl slegs 18,15 persent na die Verenigde Koninkryk gaan.

Verder word vet- en gewaste wol vry van invoerheffing in die E.E.G. ingevoer en daar is slegs 'n 3 persent heffing op kambol. Op die Britse mark geniet Suid-Afrikaanse wol voorkeur, maar omdat relatief min daarheen uitgevoer word, word nie groot probleme voorsien as die Verenigde Koninkryk sal toetree tot die E.E.G. nie. Daarby is sowel Brittanje as die E.E.G.-lande vervaardigingslande wat wol nodig het om as verwerkte produk uit te voer. Om hierdie rede sal hulle nie baie geneë wees om deur middel van tariewe hulle mededingende posisie op die wêreldmark te verswak nie.

<sup>2)</sup> Sagtevrugteraadverslag 1972, p.14.

#### 4.4.4 Karakoelpelse

Die karakoelbedryf is waarskynlik een van die min landboubedrywe wat geheel en al nie deur Britse toetrede tot die E.E.G. geraak sal word nie. Alle pelse word tans in 'n onverwerkte vorm (rou) na London uitgevoer waar dit ses maal per jaar deur openbare veiling verkoop word. Aangesien daar geen doeanereg op rou pelse oral in Europa is nie, het die Verenigde Koninkryk se toetrede geen uitwerking op die Suid-Afrikaanse bemerking nie.

#### 4.4.5 Sybokhaar

Sybokhaar word net in die Verenigde State van Amerika, Turkye en Suidelike Afrika geproduseer. Binne die E.E.G. vind geen produksie plaas nie. Volgens tabel 23 het gedurende 1971 44,05 persent van Suid-Afrikaanse uitvoere na Brittanje en 28,65 persent na die E.E.G. gegaan.

Brittanje is tradisioneel die grootste koper van sybokhaar in die wêreld. Die sybokhaar word dan verwerk en veral na die V.S.A. uitgevoer. Vandag nog is Brittanje in 'n baie sterk mededingende posisie, in so 'n mate dat 'n gedeelte van die E.E.G.-aankope deur die Verenigde Koninkryk gefinansier word.

Brittanje sal dit steeds maklik vind om sy handel in sybokhaar op die vasteland uit te brei, aangesien daar minder tariefmure is.

Die invloed van die Britse toetrede tot die E.E.G. op sybokhaar kan tot 'n groot mate met die van wol vergelyk word. Die vergrote E.E.G. (Brittanje ingesluit) sal nie geneë wees om hierdie mededingende posisie ten opsigte van verwerkte produkte ten gunste van veral Japan prys te gee deur tariefmure teen die rou produk op te bou nie. Dit is derhalwe twyfelagtig of daar wel 'n nadelige invloed op die sybokhaarhandel sal wees omdat Brittanje tot die E.E.G. toegetree het.

#### 4.4.6 Inmaakbedryf

Hierdie bedryf is weens sy groot afhanklikheid van die Britse mark baie kwesbaar weens Brittanje se toetrede tot die E.E.G. Uitvoere van ingemaakte vrugte na Brittanje, volgens tabel 13, het gedurende 1971 60,73 persent van die totale uitvoere van ingemaakte vrugte uitgemaak. Ongeveer 35 persent van Brittanje se invoere van ingemaakte vrugte kom uit Suid-Afrika, terwyl 63 persent van sy invoere van ingemaakte perskes uit Suid-Afrika afkomstig is.

Suid-Afrikaanse ingemaakte vrugte was voor Brittanje se toetrede vry van invoerreg na Brittanje uitgevoer. 'n Suikerheffing van ongeveer 3 persent was egter op ingemaakte vrugte wat in suikerstroop verpak is, gehef.

Om 'n beeld te kry van die relatiewe nadeel wat Suid-Afrika het met Brittanje se toetrede, is dit nodig om die E.E.G.-lande se tariewe op ingemaakte vrugte van nader te beskou. Die vernaamste bepalings is soos volg:<sup>3)</sup>

- (a) 'n invoerreg van 24 persent ad valorem word op blikke kleiner as 1 kilogram gehef;
- (b) 'n suikerbelasting van ongeveer 6 persent word gehef;
- (c) 'n toegevoegde waardebelasting van 15 persent word gehef indien hierdie ingemaakte vrugte as luukse voedsel geklassifiseer word en
- (d) 'n prysstabilisasieheffing soos wat op ongeprosesseerde landbouprodukte van toepassing is, word ook oorweeg.

Tabel 29 toon aan die prysverskil in totale invoerkoste waarvoorkeurtariewe van toepassing is teenoor E.E.G.-voorwaardes.

3) Pretorius, A.M. op. cit., p. 41.

Die styging in totale koste vir 'n invoerder in Engeland wat ingemaakte vrugte uit Suid-Afrika uitvoer, sal dus 46,7 persent beloop indien ingemaakte vrugte as luuks geklassifiseer word. Indien dit egter as nie-luukse voedsel geklassifiseer word, sal die toegevoegde waardebelasting 7,5 persent beloop en sal die prysstyging 37,2 persent beloop.

Invoere van ingemaakte vrugte onderling tussen E.E.G.-lande is vry van invoerreg, maar is onderhewig aan 'n suikerbelasting en 'n toegevoegde waardebelasting.

Dit blyk dus dat met Brittanje se toetrede daar 'n styging in kleinhandelpryse op die Britse mark sal wees en 'n verskerpte mededinging van buitelandse voorsieners.

#### 4.5. Bedrywe wat slegs hulle surplusproduksie uitvoer

Die bedrywe wat in hierdie kategorie val, voer meestal sporadiese hoeveelhede uit wat tweërlei gevolge het weens Brittanje se toetrede tot die E.E.G. Eerstens, is daar nie 'n sterk kopersmark opgebou vir die produk nie sodat die Britse publiek nie 'n spesifieke voorkeur daarvoor het nie. Tweedens, is die invloed van Britse toetrede moeilik bepaalbaar omdat in hierdie bedrywe se geval die E.E.G. meestal van veranderbare minimum invoerpryse of ander nie-monetêre maatreëls gebruik maak om invoere te reguleer.

Die landbouprodukte wat in hierdie kategorie val, is eiers, vleis, wyn, mielies, kafferkoring en tabak.

Die relatiewe belangrikheid van uitvoere van hierdie bedrywe en die gedeelte wat na Brittanje uitgevoer word, word in tabel 33 aangetoon. Uit tabel 33 blyk dat in 1970/71 tabak vir 32,2 persent van sy brutowaarde afhanklik is van uitvoere, vir kafferkoring is dit 32,1 persent, vir mielies 17,3 persent terwyl dit vir 'n produk soos wyn 6,8 persent is.

Die uitvoere na die Verenigde Koninkryk as persentasie van die brutowaarde dui die bedryf se afhanklikheid van die Britse mark aan. Volgens tabel 33 is dit duidelik dat 'n bedryf soos die tabakbedryf met 19,5 persent meer geraak word as byvoorbeeld die eierbedryf wat baie minder afhanklik van uitvoere is.

Hieronder volg 'n siening van die moontlike gevolge vir bedrywe wat slegs hulle surplusproduksie uitvoer.

#### 4.5.1 Eiers

Die E.E.G. beheer die invoer van eiers deur middel van twee stappe maatreëls, naamlik graderingsvereistes en sluispryse. Hierdie maatreëls kan na willekeur verander word om die invoer van eiers te magtig of te weer met die gevolg dat dit baie moeilik is om 'n gevestigde mark op te bou. Met die geringste oorproduksie kan eiers vanuit Suid-Afrika deur middel van sluispryse van Brittanje se markte geweier word met gevolglike verliese vir die eierproducent. Uit tabel 7 blyk dit egter dat daar maar 5,05 persent van eieruitvoere in 1971 na die E.E.G.-lande en die Verenigde Koninkryk gegaan het. Hierdie relatief klein hoeveelheid sal weinig uitwerking op die eierbedryf hê.

#### 4.5.2 Vleis

Die invloed wat die toetrede van Brittanje tot die E.E.G. sal hê op die vleisuitvoer na Brittanje is baie moeilik om te bepaal. Die rede hiervoor is dat die E.E.G.-tariewe gebaseer is op 'n ingewikkelde stelsel van 'n gemiddelde binne-landse markprys en streefpryse. Verder kan hierdie tariewe op baie kort kennisgewing verander word. Die invloed van Britse toetrede op die Suid-Afrikaanse uitvoer sal net afhang van die vraag- en aanbod-situasie in die vergrote E.E.G. en kan glad nie vooruit geskat word nie.

#### 4.5.3 Wyn

Die invloed wat Britse toetrede tot die E.E.G. op Suid-Afrikaanse wynuitvoere kan hê, kan die beste verstaan word as op die geskiedenis van wynuitvoere na die E.E.G. gelet word.

Die uitvoer van wyn na die E.E.G. is aan die kwyn van 1 834 911 gellings in 1960<sup>4)</sup> tot 182 591 gellings in 1969.<sup>5)</sup> Die redes hiervoor is dat die verdwynende tariefmure tussen die lidlande die Suid-Afrikaanse wyne aan sterk mededinging van die kant van Italiaanse en Franse wyne blootgestel het. Hierbenewens is die E.E.G.-wynregime in 1970 gefinaliseer waarvolgens 'n stelsel van referensiepryse ingestel word waarbeneede geen wyn uit derde lande ingevoer mag word nie. Verskeie voorwaardes is ook aan die referensieprys gekoppel om 'n verdere teenvoeter teen die invoer van wyne te wees.

#### 4.5.4 Mielies en kafferkoring

Brittanje sal sy landboubeleid by die E.E.G. se gemeenskaplike landboubeleid moet aanpas. Verder sal die bestaande minimum invoerpryse (M.I.P.) wat reeds in die loop van die tydperk 1/7/71 tot 31/12/72 aansienlik verhoog is nog verder verhoog gaan word. Dit sal die koste van die ingevoerde graan vir die verbruiker baie verhoog.

Die waarskynlike uitwerking van bogenoemde sal wees om die selfversorgdheid van die vergrote E.E.G. te verhoog en terselfdertyd die afsetmoontlikhede van derde lande te beperk.

- 4) Buitelandse Handelstatistiek, Volume II, 1960, p. 69-71.
- 5) Buitelandse Handelstatistiek, Volume II, 1969, p. 488.

#### 4.5.5 Tabak

Uit tabel 18 blyk dat 'n groot gedeelte van die totale tabak-uitvoer, naamlik 60,54 persent, na Brittanje gaan. Tabak word egter deur die E.E.G. as 'n grondstof beskou wat sonder tariewe ingevoer kan word. Die tabaknywerheid verloor slegs sy voorkeurtarief in die Britse mark.

#### 4.6. Ander beperkende invloede op landboubedrywe

In die voorafgaande is daar 'n ontleding gemaak van die moontlike nadelige invloed wat Brittanje se toetrede tot die E.E.G. kan hê. Daar is egter ander beperkende faktore wat landbou-uitvoere beïnvloed wat hier net kortliks genoem sal word.

Eerstens, het daar in sommige bedrywe 'n groot daling in produsentepryse plaasgevind. Hier word veral gedink aan wol en sybokhaar. Hierdie prysdalings het inkomsteverliese van etlike miljoene rande vir die produsente beteken.

Tweedens, is daar die verhogings en die verwagte verhogings in skeepstariewe wat 'n byna versmorende uitwerking op die Suid-Afrikaanse landbou-uitvoerhandel kan hê. Die nuwe stappe van die konferensierederye soos in skeepsvervoer mag hierdie toestand verlig.

Derdens, is daar die styging in produksiekoste wat so kenmerkend van elke ekonomiese aksie is. Die landbou ly ook onder hierdie verskynsel. Gedurige prysaanpassings is nodig om net die posisie te kan handhaaf.

SLOTSOM

5.1. Inleiding

Dit blyk baie duidelik dat daar sekere landbouprodukte is wat op die korttermyn nadelig getref gaan word deur Britse toetrede tot die E.E.G. Dit is veral die sagte vrugtebedryf, die inmaakbedryf en tot 'n mindere mate die sitrus- en wynbedryf wat finansiëel deur Britse toetrede tot die E.E.G. geraak word.

In 1971 was volgens tabel 28 22,41 persent van die invoere onderhewig aan beperkings. Met die Britse toetrede word 54,13 persent onderhewig daaraan. Die res word uitgevoer na Europese vryhandelsgebiede en die res van die wêreld.

Suid-Afrikaanse landbouprodukte moet nou meeding met voorrade uit die Gemeenskapslande wat vrye toegang tot die Britse mark het. Suid-Afrika het wel die voordeel van verskil in seisoene en kan 'n vars produk aanbied, in mededinging met koelopgebergde produkte.

Suid-Afrika se uitvoer van landbouprodukte kan in drie hoofde verdeel word, nl.

(a) produkte spesiaal geproduseer vir uitvoer, byvoorbeeld vars en ingemaakte vrugte, wol, bokhaar en karakoelpelse;

(b) produkte waarvan 'n aansienlike deel uitgevoer word, byvoorbeeld suiker, mielies, kafferkoring en huide en velle; en

(c) produkte waarvan die uitvoer meestal onbelangrik is, byvoorbeeld vleis, suiwelprodukte en katoen.

Van hierdie produkte sal die volgende produkte nadelig getref word:

### 5.2. Sagtevrugtebedryf

Volgens beraming sal daar in 1978 R2,5 miljoen<sup>1)</sup> aan invoerbelasting op verkope in Brittanje betaal moet word. Hierdie bedrag sal die produsent regstreeks raak in die sin dat hy minder vir sy produk kry. Gesien in die lig van die totale uitvoersyfer van landbou-uitvoere, dan verteenwoordig die R2,5 miljoen 0,65 persent van uitvoere van landbouprodukte in 1971 wat in 'n relatiewe sin maar min is. Van nader beskou, besef 'n mens dat die sagtevrugtebedryf die kern vorm van die ekonomiese bedrywigheid in die Westelike Provinsie en dat waar die landbousektor nadelig getref word, die gevolge daarvan ook in die industrie aangetref sal word.

### 5.3. Inmaakbedryf

Uit tabel 5 blyk dat die ingemaakte vrugte 9,27 persent van die totale uitvoere in 1971 verteenwoordig, maar met die styging van 46,7<sup>2)</sup> persent in die totale koste vir die invoerder sal daar 'n groot afname in verkope in Brittanje wees. Indien verkope gehandhaaf wil word sal 'n afname in die verkoopprijs moet kom - tot nadeel van die produsent. Hier kan eweneens verwag word dat die industrie ook die effek van Britse toetrede sal voel. Vir die huidige is die verdere ontginning van die plaaslike sagtevrugtemark, wat vir jare nog nie in staat sal wees om die produksie te absorbeer nie, nie 'n oplossing nie. Daar sal steeds positief opgetree moet word wat betref die uitvoer van sagtevrugte asook die ingemaakte vrugte.

1) Boerderykeur - 1972, op. cit., p. 56.

2) Pretorius, A.M. op. cit., p. 41.

Wat die korttermyn betref op die oorsese markte, is dit vir die produsent belangrik om te weet wat die produsent verlang. Die volgende kennis van die oorsese mark is belangrik, nl.

- (a) gehalte van vrugte is van kardinale belang;
- (b) sekere variëteite verkoop beter as ander;
- (c) seisoensveranderinge en die beskikbaarheid van ander vrugte moet in aanmerking geneem word en
- (d) verpakking en vervoer is belangrik en standaardisasie in hierdie opsig behoort betyds ondersoek te word.

#### 5.4. Sitrusbedryf

Wat die sitrusbedryf betref, is diversifikasie 'n moontlike oplossing. Na Wêreldoorlog II het die verbruik van vars sitrusvrugte jaarliks begin afneem, terwyl die verbruik van ingemaakte en verwerkte sitrus die hoogte ingeskiet het. Die Floridase sitrusnywerheid het weldra 85 persent van sy totale produksie ingemaak en slegs 15 persent daarvan op sy plaaslike varsvrugtemark verkoop en as varsvrugte uitgevoer.<sup>3)</sup>

Die bemarkingsdepartement van die Sitrusbeurs het reeds met hierdie diversifikasie in 1967 begin toe die simbool bekend as die Sitrusseël in gebruik geneem is. 'n Ander oplossing lê in die ontginning van ander markte, waaronder Suid-Afrika se Bantoemark 'n groot afsetgebied bied. In 1970 is die Japanse mark betree. Met volgehoue bemarkingsveldtogte asook die nakom van voorwaardes neergelê deur Japan, kan die mark met welslae opgebou word.

'n Ander oplossing om die probleem op te los, is om aan te sluit by die Euromark. Ingevolge die Verdrag van Rome kan

3) Boerderykeur - 1972, op. cit., p. 68.

'n land buite Europa nie volle lid van die Euromark word nie. 'n Land soos die Republiek kan egter 'n geassosieerde lid word. Geassosieerde lidmaatskap behels al die ekonomiese en handelsvoordele maar geen politieke verpligtinge en voorregte nie.

Lidlande is verbind tot 'n program waarvolgens invoertariewe onderling geheel en al uitgewis word. Vir Suid-Afrika wat 'n jong ontwikkelende nywerheidsland is en wat nie volle ekonomiese selfstandigheid kan bereik sonder 'n beskermende beleid nie, skyn geassosieerde lidmaatskap 'n onoorkomelike probleem te wees.

Volgens Marais<sup>4)</sup> kan ontwikkelende lande nie bekostig om die sterk en gevestigde nywerhede van die Euromark toe te laat om vry en onbeperk mee te ding met hulle eie nywerhede wat nog in die ontwikkelingstadium is en wat dus nog talle probleme het om te bowe te kom.

Vir die huidige en ook die nabye toekoms is geassosieerde lidmaatskap weens genoemde probleme dus nie die aangewese antwoord nie.

Daar bly dus vir die Suid-Afrikaanse boer die een uitweg oor en dit is om steeds te poog om uitvoermarkte te soek en te ontgin en die bestaande markte met toegewydheid en beslistheid te ontgin. Artikel 2 van die Rome-ooreenkoms bepaal dat die doel van die Gemeenskap is om ekonomiese stabiliteit te verhoog en die verhoging van die lewensstandaard van die bevolking van die Gemeenskapslande te bevorder. Tussen 1958 en 1969 het die gemiddelde inkomste van arbeidskragte in die Gemeenskap met 75 persent gestyg teenoor minder as 40 persent in Brittanje.<sup>5)</sup> Hierdie verhoging in inkomste kan net lei tot 'n groter vraag na produkte en

4) Marais, M.D. Ekonomiese aspekte van S.A. se Internasionale verhoudings en die Europese Gemeenskapsmark. Volkshandel, Augustus 1961, p. 15.

5) Boerderykeur - 1972. op. cit., p. 57.

saam met 'n steeds groterwordende bevolking kan die Suid-Afrikaanse boer nie anders as om ook te deel in voordele van die E.E.G. en in die besonder die Verenigde Koninkryk in die Europese Ekonomiese Gemeenskap.

TABEL 1

PERSENTASIEVERDELING VAN DIE BRUTO BINNELANDSE PRODUK VOLGENS BEDRYFSTAK 1)

Jaar	Totaal	Land- bou, bosbou en visse- ry	Mynbou en steen- grawe- ry	Fa- brieks- wese	Kon- struk- sie	Elektri- siteit, gas- en water- voorsie- ning	Vervoer opber- ging en kommu- nikasie	Groot- en klein- handel	Finan- siële dien- ste	Vaste eien- dom en woning besit	Ander dien- ste	Alge- mene ower- heid
1911	100,0	21,1	27,6	3,8	0,7	0,9	9,7	12,8	2,6	5,2	9,7	5,8
1920	100,0	22,2	18,3	7,3	1,5	1,1	9,7	15,6	2,5	4,2	10,4	7,1
1930	100,0	14,2	15,6	9,3	1,9	2,1	11,6	15,1	2,5	6,9	12,2	8,6
1940	100,0	12,7	18,8	12,4	1,9	2,4	9,6	13,9	2,8	5,0	10,0	10,5
1950	100,0	17,7	13,5	16,4	3,1	1,7	9,4	13,9	2,9	3,7	9,5	8,1
1955	100,0	15,5	12,6	18,3	2,8	2,2	9,7	14,4	3,0	4,0	9,1	8,4
1956	100,0	15,1	13,3	18,5	3,0	2,2	9,4	14,2	3,0	3,9	8,9	8,6
1957	100,0	14,8	13,5	18,1	3,0	2,2	9,5	14,0	3,0	4,1	9,0	8,8
1958	100,0	12,8	13,2	18,6	3,3	2,4	9,8	14,1	3,1	4,2	9,3	9,2
1959	100,0	12,8	13,8	18,3	3,3	2,4	10,0	13,4	3,3	4,2	9,2	9,4
1960	100,0	12,3	14,2	18,7	2,9	2,5	10,2	13,0	3,6	4,2	9,2	9,4
1961	100,0	12,6	13,9	19,0	2,9	2,6	9,7	12,7	3,7	4,1	9,3	9,5
1962	100,0	12,0	13,6	19,7	2,8	2,6	9,9	13,1	3,5	4,1	9,3	9,6
1963	100,0	12,0	13,1	20,2	2,9	2,5	9,9	13,5	3,4	3,9	9,1	9,4
1964	100,0	10,6	13,3	21,8	3,3	2,5	9,9	13,7	3,7	3,9	9,1	9,3
1965	100,0	9,9	13,1	21,9	3,8	2,4	9,5	13,5	3,8	3,8	9,0	9,2
1966	100,0	10,2	13,2	21,2	3,8	2,4	9,3	13,4	4,0	3,7	9,0	9,7
1967	100,0	11,6	12,2	20,9	3,8	2,5	9,5	13,4	3,8	3,7	9,0	9,6
1968	100,0	9,8	12,2	20,7	4,0	2,6	9,4	14,0	3,9	4,0	9,4	10,0

1) Suid-Afrikaanse Statistieke, 1970, p. W-11.

TABEL 2

LANDBOU SE BYDRAE TOT DIE BINNELANDSE PRODUK <sup>1)</sup>

Jaar ge- eindig 30 Junie	Bydrae tot die bruto binne- landse produk	Waardever- mindering	Bydrae tot die netto binne- landse produk
1960	562,5	68,9	493,6
1961	606,3	70,0	536,3
1962	606,4	70,7	535,7
1963	665,3	71,3	594,0
1964	645,7	72,7	573,0
1965	668,0	74,9	593,1
1966	746,2	77,0	669,2
1967	954,7	79,8	874,9
1968	846,7	83,5	763,2
1969	927,4	87,3	840,1

1) Suid-Afrikaanse Statistieke, 1970, p. J-24.

TABEL 3

UITVOERE - I.S.N.K. BASIS 1962-1969 <sup>1)</sup>

Beskrywing	R MILJOEN							
	1969	1968	1967	1966	1965	1964	1963	1962
Landbou, bosbou en vissery	248,7	338,8	287,2	220,1	221,8	272,2	294,6	264,5
as persen- tasie van totaal	16,27	22,55	21,10	18,29	21,00	28,52	32,17	30,49
Mynwese en steen- groewe	336,3	297,1	282,4	286,6	295,6	221,7	207,3	207,3
as persen- tasie van totaal	22,0	19,77	20,75	23,81	27,98	23,54	22,63	23,90
Fabrieks- wese	928,2	852,0	777,4	684,5	532,2	458,0	413,9	395,4
as persen- tasie van totaal	60,71	56,71	57,11	56,87	50,38	47,99	45,20	45,59
Ander	15,6	14,6	14,2	12,5	6,8	2,4	0	0,2
as persen- tasie van totaal	1,02	0,97	1,04	1,03	0,64	0,25	0	0,01
<b>TOTAAL</b>	<b>1528,8</b>	<b>1502,5</b>	<b>1361,2</b>	<b>1203,7</b>	<b>1056,4</b>	<b>954,3</b>	<b>915,8</b>	<b>867,4</b>

1) Verwerk uit Suid-Afrikaanse Statistieke, 1970, p. Q-11.

TABEL 4

BELANGRIKSTE AFSETMARKTE GEDURENDE 1969 <sup>1)</sup>

Land van bestemming	Waarde van uitvoere (R miljoen)	Persentasie van totale uitvoere
Verenigde Koninkryk	510,7	34,7
E.E.G. Frankryk	43,0	2,9
Nederland	32,4	2,2
Wes-Duitsland	102,8	7,0
België	63,1	4,3
Italië	<u>44,5</u>	<u>3,0</u>
V.S.A.	108,2	7,4
Japan	151,2	10,3
Afrika-lande	255,3	17,3
Ander	160,4	10,9
<b>TOTALE UITVOERE</b>	<b>1 471,6</b>	<b>100,0</b>

1) Pretorius, A.M. op. cit., p. 39.

TABEL 5

DIE RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN DIE VERNAAMSTE LANDBOUPRODUKTE  
WAT IN 1960, 1969 EN 1971 UITGEVOER IS

PRODUK	1960 <sup>1)</sup>		1969 <sup>2)</sup>		1971 <sup>3)</sup>	
	WAARDE	PERSENTASIE VAN TOTAAL	WAARDE	PERSENTASIE VAN TOTAAL	WAARDE	PERSENTASIE VAN TOTAAL
Vleis	2 745 460	1,10	9 783 342	2,62	22 126 376	5,775
Suiwel	1 551 288	0,62	1 505 652	0,41	1 006 268	0,263
Eiers	2 958 010	1,18	2 221 201	0,60	657 576	0,172
Mielies	20 395 284	8,16	29 330 868	7,86	60 930 238	15,902
Graansorghum	1 224 124	0,49	509 045	0,14	7 990 358	2,085
Sitrus	18 933 348	7,58	35 616 190	9,55	36 316 339	9,480
Sagtevrugte	17 311 182	6,93	35 077 373	9,41	38 907 116	10,154
Droëvrugte	1 219 512	0,49	3 485 008	0,93	2 194 759	0,573
Ingemaakte vrugte	24 458 558	9,83	33 641 421	9,02	35 530 275	9,273
Vrugtesappe	950 032	0,38	3 078 593	0,83	2 428 724	0,634
Groente	533 836	0,21	796 904	0,21	634 563	0,166
Suiker	15 519 752	6,21	40 767 573	10,93	66 009 137	17,227
Wyn	2 642 146	1,06	2 933 261	0,79	3 009 163	0,785
Tabak	2 102 742	0,84	9 222 245	2,47	7 541 639	1,968
Huide en velle	15 976 578	6,38	21 450 149	5,75	10 245 675	2,674
Karakoelpelse	7 244 232	2,90	15 508 140	4,16	15 137 406	3,951
Grondbone	10 050 056	4,02	10 228 190	2,74	15 669 652	4,090
Wol	95 778 390	38,35	106 748 665	28,62	50 484 352	13,175
Bokhaar	7 468 688	2,99	8 595 465	2,30	4 345 551	1,133
Volstruisvere	378 346	0,15	970 503	0,26	1 066 601	0,277
Katoen	327 388	0,13	1 489 840	0,40	935 363	0,243
TOTAAL	<u>R249 869 952</u>	<u>100,00</u>	<u>R372 959 628</u>	<u>100,00</u>	<u>R383 167 131</u>	<u>100,00</u>

- 55
- 1) Verwerk uit Buitelandse Handelstatistiek, Volume II, 1960, p. 1-140.
  - 2) Verwerk uit Buitelandse Handelstatistiek, Boekdeel II, 1969, p. 459-542.
  - 3) Verwerk uit Buitelandse Handelstatistiek, Boekdeel I, 1971, p. 426-469.

TABEL 6

UITVOERE VAN VLEIS NA DIE V.K., DIE E.E.G.-LANDE  
EN DIE RES VAN DIE WERELD

1960 1)

<u>LAND</u>	<u>WAARDE R</u>	<u>PERSENTASIE</u>
E.E.G.	139 002	5,06
V.K.	1 809 030	65,89
Res	<u>797 428</u>	<u>29,05</u>
TOTAAL	<u>2 745 460</u>	<u>100,00</u>

1969 2)

<u>LAND</u>	<u>WAARDE R</u>	<u>PERSENTASIE</u>
E.E.G.	65 559	0,67
V.K.	4 921 499	50,30
Res	<u>4 796 284</u>	<u>49,03</u>
TOTAAL	<u>9 783 342</u>	<u>100,00</u>

1971 3)

<u>LAND</u>	<u>WAARDE R</u>	<u>PERSENTASIE</u>
E.E.G.	1 823 059	8,23
V.K.	8 637 503	39,04
Res	<u>11 665 814</u>	<u>52,73</u>
TOTAAL	<u>22 126 376</u>	<u>100,00</u>

- 1) Verwerk uit Buitelandse Handelstatistiek, Volume II, 1960, p. 49-50.
- 2) Verwerk uit Buitelandse Handelstatistiek, Boekdeel II, 1969, p. 459.
- 3) Verwerk uit Buitelandse Handelstatistiek, Boekdeel I, 1971, p. 426-427.

TABEL 7

UITVOERE VAN EIERS NA DIE V.K., DIE E.E.G.-LANDE  
EN DIE RES VAN DIE WERELD

1960 1)

<u>LAND</u>	<u>WAARDE R</u>	<u>PERSENTASIE</u>
E.E.G.	957 672	32,38
V.K.	1 568 364	53,02
Res	<u>431 974</u>	<u>14,60</u>
TOTAAL	<u>2 958 010</u>	<u>100,00</u>

1969 2)

<u>LAND</u>	<u>WAARDE R</u>	<u>PERSENTASIE</u>
E.E.G.	298 124	13,42
V.K.	425 509	19,16
Res	<u>1 497 568</u>	<u>67,42</u>
TOTAAL	<u>2 221 201</u>	<u>100,00</u>

1971 3)

<u>LAND</u>	<u>WAARDE R</u>	<u>PERSENTASIE</u>
E.E.G.	15 018	2,28
V.K.	18 899	2,87
Res	<u>623 659</u>	<u>94,85</u>
TOTAAL	<u>657 576</u>	<u>100,00</u>

1) Verwerk uit Buitelandse Handelstatistiek, Volume II, 1960, p. 27.

2) Verwerk uit Buitelandse Handelstatistiek, Boekdeel II, 1969, p. 462.

3) Verwerk uit Buitelandse Handelstatistiek, Boekdeel I, 1971, p. 428.

